- (d) the layout of the erf, siting of buildings and ingress to and egress from the erf to the public street system shall be to the satisfaction of the local authority;
- (e) no buildings shall be erected within 6 metres of the boundaries of the erf.

Provided further that, in the event of the erf not being used for the aforesaid purpose, it may be used for such other purposes as may be permitted and subject to such requirements as may be imposed by the Administrator after reference to the Townships Board and the local authority.

(2) Erf No. 93.

The erf shall be used for such purposes as may be permitted and subject to such requirements as may be imposed by the Administrator after reference to the Townships Board and the local authority.

(D) GENERAL BUSINESS ERF.

In addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, Erf No. 24 shall be subject to the following conditions:

- (a) The erf shall be used for trade or business purposes only: Provided that it shall not be used for a place of amusement or assembly: Provided further that:
 - (i) the height of the building shall be restricted to two storeys;
 - (ii) the erf shall not be used for residential purposes.
 - (iii) effective and paved parking shall be provided to the satisfaction of the local authority at the ratio of 1 square metre of parking for every one square metre of retail shopping area and 2 square metres of parking for every 10 square metres of office floor space;
 - (iv) provision shall be made on the erf for the loading and off-loading of vehicles to the satisfaction of the local authority; and
 - (v) the siting of buildings and ingress to and egress from the erf to a public street system shall be to the satisfaction of the local authority; and
 - (vi) a screen wall 2 metres high shall be erected along the westerly boundary of the erf.
The extent, materials, design and maintenance of the wall shall be to the satisfaction of the local authority.
- (b) The business premises shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.
- (c) Subject to the provisions of any law, by-law or regulation and sub-clause (a) hereof there shall be no limitation of the number of shops or businesses that may be established or conducted on the erf: Provided that no business of a Bantu Eating House of any description shall be conducted on the erf.

(1) Erf No. 25.

Die erf moet gebruik word vir die doel om daarop die besigheid van 'n motorgarage te dryf en vir doeleindes in verband daarmee: Met dien verstande dat:

- (a) totdat die erf met 'n publieke rioolstelsel verbind is, die gebou nie hoër as twee verdiepings mag wees nie en daarna nie hoër as drie verdiepings nie;
- (b) die boonste verdieping of verdiepings, wat nie meer as 40% van die oppervlakte van die erf mag beslaan nie, vir besigheidsdoeleindes gebruik kan word;
- (c) alle parkeerterreine en ryvlakke vir motorvoertuie asook alle in- en uitgange van en tot die erf tot bevrediging van die plaaslike bestuur verskaf, geplavei en onderhou word;
- (d) die uitleg van die erf, plasing van geboue, in- en uitgange van die erf tot die publieke straatstelsel tot bevrediging van die plaaslike bestuur geskied;
- (e) geen geboue binne 6 meter van die grense van die erf opgerig mag word nie:

Voorts met dien verstande dat, ingeval die erf nie vir bogenoemde doel gebruik word nie, dit gebruik kan word vir sodanige ander doeleindes as wat toegelaat word en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat opgelê word deur die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur.

(2) Erf No. 93.

Die erf moet gebruik word vir sodanige doeleindes as wat toegelaat word en onderworpe aan sodanige vereistes as wat opgelê word deur die Administrateur, na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur.

(D) ALGEMENE BESIGHEIDSERF.

Benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (A) hiervan, is Erf No. 24 aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) Die erf moet slegs vir handels- of besigheidsdoeleindes gebruik word: Met dien verstande dat dit nie gebruik mag word vir 'n vermaaklikheids- of 'n vergaderplek nie: Voorts met dien verstande dat:
 - (i) die hoogte van die gebou tot twee verdiepings beperk word;
 - (ii) die erf nie vir woondoeleindes gebruik word nie;
 - (iii) doeltreffende en geplaveide parking verskaf word tot bevrediging van die plaaslike bestuur in 'n verhouding van 1 vierkante meter parking vir elke vierkante meter kleinhandelwinkluimte en 2 vierkante meter parking vir elke 10 vierkante meter kantoorvloerwinkluimte;
 - (iv) voorsiening op die erf gemaak word vir die open aflaai van voertuie tot bevrediging van die plaaslike bestuur;
 - (v) die plasing van alle geboue en in- en uitgange van die erf tot 'n publieke straatstelsel tot voldoening van die plaaslike bestuur moet wees; en
 - (vi) 'n skermmuur 2 meter hoog opgerig word langs die westelike grens van die erf.
Die omvang, materiaal, ontwerp, posisie en onderhoud van die muur moet tot voldoening van die plaaslike bestuur wees.
- (b) Die besigheidsgeboue moet gelyktydig met, of vóór die buitegeboue opgerig word.
- (c) Onderworpe aan die bepalings van enige wet, verordening of regulasie en subklousule (a) hiervan, is daar geen beperking op die aantal winkels of besigheid wat op die erf opgerig of gedryf mag word nie: Met dien verstande dat geen besigheid van 'n Bantoeethuis van watter aard ook al op die erf gedryf mag word nie.

- (d) No offensive trade as specified either in section 95 of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, or in a Town-planning Scheme in operation in the area may be carried on upon the erf.

(E) SPECIAL RESIDENTIAL ERVEN.

The erven, with the exception of those referred to in sub-clauses (B) to (D) shall, in addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, be subject to the following conditions:

- (a) The erf shall be used for the erection of a dwelling house only: Provided that, with the consent of the Administrator after reference to the Townships Board and the local authority, a place of public worship or a place of instruction, social hall, institution or other buildings appertaining to a residential area may be erected on the erf.
- (b) Not more than one dwelling-house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on the erf: Provided that if the erf is subdivided or if such erf or any portion thereof is consolidated with any other erf or portion of an erf this condition may with the consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area.
The main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.
- (c) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.
- (d) The total coverage of all buildings shall not exceed 30% of the area of the erf.
- (e) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 8 metres from the boundary thereof abutting on a street: Provided that with the consent of the local authority the building line may be reduced to 6 metres.
(This condition shall not apply to Erven Nos. 78 to 85.)

2. *Building Lines and Other Restrictions.*

In addition to the relevant conditions set out above, the undermentioned erven shall be subject to the following conditions:

- (a) *Erven Nos. 6 and 7.*
Buildings, including outbuildings hereafter erected on the erf, shall be located not less than 9 metres from the westerly and easterly boundaries of the erf and not less than 8 metres from any other boundary thereof abutting on a street.
- (b) *Erven Nos. 8 and 9.*
Buildings, including outbuildings shall be located not less than 5 metres from any boundary thereof abutting on a street.
- (c) *Erven Nos. 78 to 85.*
(i) Buildings, including outbuildings hereafter erected on the erf shall be located not less than 11 metres from the easterly boundary thereof and not less than 8 metres from any other boundary thereof abutting on a street: Provided that with the consent of the local authority the 8 metres building line may be reduced to 6 metres.
(ii) Ingress to and egress from the erf are restricted to the westerly boundary thereof.

- (d) Geen hinderlike bedryf, soos omskryf òf in artikel 95 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur No. 17 van 1939, òf in 'n dorpsaanlegkema wat op die gebied van toepassing is, mag op die erf gedryf word nie.

(E) SPESIALE WOONERWE.

Benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (A) hiervan, is die erwe met uitsondering van dié wat in subklousules (B) tot (D) genoem word, ook aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) Die erf moet slegs gebruik word om daarop 'n woonhuis op te rig: Met dien verstande dat, met toestemming van die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur, 'n plek van openbare godsdiensoefening of 'n plek van onderrig, 'n gemeenskapsaal, 'n inrigting of ander geboue wat in 'n woongebied tuishoort op die erf opgerig kan word.
- (b) Nie meer as een woonhuis met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is, mag op die erf opgerig word nie: Met dien verstande dat as die erf onderverdeel word of as sodanige erf of enige gedeelte daarvan met enige ander erf of gedeelte van 'n erf gekonsolideer word, hierdie voorwaarde met toestemming van die Administrateur op elke gevolglike gedeelte of gekonsolideerde gebied toegepas kan word.
Die hoofgebou, wat 'n voltooid gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig is en eers later voltooi gaan word nie, moet gelyktydig met, of vóór, die oprigting van die buitegeboue opgerig word.
- (c) Indien die erf omhein of op enige ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal tot voldoening van die plaaslike bestuur opgerig en onderhou word.
- (d) Die totale dekking van alle geboue mag nie 30% van die oppervlakte van die erf oorskry nie.
- (e) Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 8 meter van die straatgrens daarvan geleë wees: Met dien verstande dat die boulyn met toestemming van die plaaslike bestuur na 6 meter verminder kan word.
(Hierdie voorwaarde is nie van toepassing op erwe Nos. 78 tot 85 nie.)

2. *Boulyne en Ander Beperkings.*

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit is onderstaande erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) *Erwe Nos. 6 en 7.*
Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 9 meter van die westelike en oostelike grense van die erf en minstens 8 meter van enige ander straatgrens geleë wees.
- (b) *Erwe Nos. 8 en 9.*
Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 5 meter van enige straatgrens daarvan geleë wees.
- (c) *Erwe Nos. 78 tot 85.*
(i) Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 11 meter van die oostelike grens van die erf en minstens 8 meter van enige ander straatgrens daarvan geleë wees: Met dien verstande dat die 8 meter boulyn met toestemming van die plaaslike bestuur na 6 meter verminder kan word.
(ii) Ingang na en uitgang vanaf die erf word beperk tot die westelike grens daarvan.

3. Erven Subject to Special Conditions.

In addition to the relevant conditions set out above, the undermentioned erven shall be subject to the following conditions:

- (a) *Erven Nos. 10, 19, 30, 41, 48, 83 and 85.*
The erf is subject to a servitude for municipal purposes in favour of the local authority as shown on the general plan.
- (b) *Erven Nos. 1 to 4, 24 and 26 to 36.*
The erf is subject to the following servitudes in favour of the local authority along its south-western boundary:
(i) a servitude of 2 metres for road purposes,
(ii) a servitude of a further 4.3 metres for municipal services.
- (c) *Erf No. 25.*
The erf is subject to the following servitudes in favour of the local authority along its southern and south-western boundaries:
(i) a servitude of 2 metres for road purposes,
(ii) a servitude of a further 4.3 metres for municipal services.
- (d) *Erf No. 77.*
The erf is subject to the following servitudes in favour of the local authority along its southern boundary:
(i) a servitude of 2 metres for road purposes,
(ii) a servitude of a further 4.3 metres for municipal services.
- (e) *Erven Nos. 6 to 12.*
The erf is subject to the following servitudes in favour of the local authority along its north-eastern boundary:
(i) a servitude of 2 metres for road purposes,
(ii) a servitude of a further 4.3 metres for municipal services.

4. Servitude for Sewerage and Other Municipal Purposes.

All erven shall be subject to the following conditions:

- (a) The erf is subject to a servitude, 2 metres wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along one only of its boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.
- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no largerooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 metres thereof.
- (c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

5. Definitions.

In the foregoing conditions the following terms shall have the meaning assigned to them:

3. Erwe aan Spesiale Voorwaardes Onderworpe.

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit is onderstaande erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) *Erwe Nos. 10, 19, 30, 41, 48, 83 en 85.*
Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir munisipale doeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur soos aangewys op die algemene plan.
- (b) *Erwe Nos. 1 tot 4, 24 en 26 tot 36.*
Die erf is onderworpe aan die volgende serwitute ten gunste van die plaaslike bestuur langs sy suid-westelike grens:
(i) 'n serwituut van 2 meter vir paddoeleindes.
(ii) 'n serwituut van 'n verdere 4.3 meter vir munisipale dienste.
- (c) *Erf No. 25.*
Die erf is onderworpe aan die volgende serwitute ten gunste van die plaaslike bestuur langs sy suidelike en suid-westelike grense:
(i) 'n serwituut van 2 meter vir paddoeleindes.
(ii) 'n serwituut van 'n verdere 4.3 meter vir munisipale dienste.
- (d) *Erf No. 77.*
Die erf is onderworpe aan die volgende serwitute ten gunste van die plaaslike bestuur langs sy suidelike grens:
(i) 'n serwituut van 2 meter vir paddoeleindes.
(ii) 'n serwituut van 'n verdere 4.3 meter vir munisipale dienste.
- (e) *Erwe Nos. 6 tot 12.*
Die erf is onderworpe aan die volgende serwitute ten gunste van die plaaslike bestuur langs sy noord-oostelike grens:
(i) 'n serwituut van 2 meter vir paddoeleindes.
(ii) 'n serwituut van 'n verdere 4.3 meter vir munisipale dienste.

4. Serwituut vir Riolerings- en Ander Munisipale Doeleindes.

Alle erwe is aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, 2 meter breed, langs net een van sy grense, uitgesonderd 'n straatgrens, soos bepaal deur die plaaslike bestuur.
- (b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 meter daarvan geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpyleidings en ander werke wat hy volgens goed-dunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens; en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpyleidings en ander werke veroorsaak word.

5. Woordomskrywing.

In voormelde voorwaardes het onderstaande uitdrukings die betekenis daaraan geheg:—

- (i) "Applicant" means Elsburg Gold Mining Company Limited and its successors in title to the township.
- (ii) "Dwelling-house" means a house designed for use as a dwelling for a single family.
- (iii) "Floor space ratio" means the ratio obtained by dividing the total area of the erf into the total area of all the floors (but excluding any basement, open roofs and floor space devoted solely to car parking for the occupants of the building) of the buildings to be erected thereon, such area being measured over the external walls and including every form of accommodation except purely ornamental features such as spires, turrets and belfries and any accommodation which is reasonable or necessary for the cleaning, maintenance, caretaking or mechanical equipment of the building; that is to say:—

$$\text{F.S.R.} = \frac{\text{Total area of all floors of building.}}{\text{Total area of erf.}}$$

6. State and Municipal Erven.

Should any erf referred to in Clause A9 or any erf acquired as contemplated in Clauses "B"1(ii) and (iii) hereof be registered in the name of any person other than the State or the local authority such erf shall thereupon be subject to such conditions as may be permitted by the Administrator.

No. 158 (Administrator's), 1971.

PROCLAMATION

by the Honourable the Administrator of the Province Transvaal.

Whereas an application has been received for permission to establish the township of Primindia Extension No. 20 on Portion 335 of the farm Roodekopjes or Zwartkopjes No. 427-JQ, district Brits;

And whereas the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, relating to the establishment of townships, have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (4) of section 20 of the said Ordinance, I hereby declare that the said township shall be an approved township, subject to the conditions contained in the schedule hereto.

Given under my Hand at Pretoria on this 14th day of June, One thousand Nine hundred and Seventy-one.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 4/2/3413.

SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY SULIMAN MAHOMED SOOMAR (PROPRIETARY) LIMITED UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWNSHIPS AND TOWN-PLANNING ORDINANCE, 1931, FOR PERMISSION TO ESTABLISH

- (i) „Applikant” beteken Elsburg Gold Mining Company Limited en sy opvolgers tot die eiendomsreg van die dorp.
- (ii) „Woonhuis” beteken 'n huis ontwerp vir gebruik as 'n woning deur een gesin.
- (iii) „Vloerruimteverhouding” beteken die verhouding verkry deur die totale oppervlakte van al die vloere (maar sonder inbegrip van enige kelder, oop dakke en vloerruimte wat uitsluitlik gewy word aan motorparkering vir die okkupante van die gebou) van die geboue wat daarop opgerig gaan word, sodanige oppervlakte gemeet te word oor die buitemure en met inbegrip van elke vorm van akkommodasie behalwe suiwer sierglanspunte soos toringspitse, torinkies en kloktorings en enige ander akkommodasie wat redelik of noodsaaklik is vir die skoonmaak, onderhoud, versorging of meganiese uitrusting van die gebou te deel deur die totale oppervlakte van die erf, dit wil sê:

$$\text{Vrv.} = \frac{\text{Totale oppervlakte van alle vloere van gebou}}{\text{Totale oppervlakte van erf}}$$

6. Staats- en Munisipale Erwe.

As enige erf genoem in klousule A9 of enige erf wat verkry word soos beoog in klousule B1(ii) en (iii) hiervan, geregistreer word in die naam van enige ander persoon as die Staat of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Administrateur toelaat.

No. 158 (Administrateurs-), 1971.

PROKLAMASIE

deur sy Edele die Administrateur van die Provinsie Transvaal.

Nademaal 'n aansoek ontvang is om toestemming om die dorp Primindia Uitbreiding No. 20 te stig op Gedeelte 335 van die plaas Roodekopjes of Zwartkopjes No. 427-JQ, Distrik Brits;

En nademaal aan die bepalings van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, wat op die stigting van dorpe betrekking het, voldoen is;

So is dit dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdheid wat by subartikel (4) van artikel 20 van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat genoemde dorp 'n goedgekeurde dorp is, onderworpe aan die voorwaardes vervat in die bygaande bylae.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 14de dag van Junie, Eenduisend Negehonderd Een-en-Sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
P.B. 4/2/3413

BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GE-DOEN DEUR SULIMAN MAHOMED SOOMAR (PROPRIETARY) LIMITED INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE DORPE- EN DORPSAANLEG-ORDONNANSIE, 1931, OM TOESTEMMING OM 'N

A TOWNSHIP ON PORTION 335 OF THE FARM ROODEKOPJES OR ZWARTKOPJES NO. 427-JQ, DISTRICT OF BRITS, WAS GRANTED.

A. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. *Name.*

The name of the township shall be Primindia Extension No. 20.

2. *Design of Township.*

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A.5354/70.

3. *Water.*

The applicant shall make arrangements with the local authority for the supply and reticulation of water in the township.

No erf shall be built upon until a suitable supply of water has been laid to its street frontage.

The applicant shall reticulate water as and when required by the local authority and, in any case, the said local authority shall call upon the applicant to carry out its obligation in respect of any erf upon which it is satisfied of the *bona fide* intention of the owner to build within a reasonable period.

4. *Sanitation.*

The applicant shall make arrangements with the local authority for the provision and conduct of a sanitary service.

5. *Electricity.*

The applicant shall make arrangements with the local authority for the supply and reticulation of electricity.

6. *Mineral Rights.*

All rights to minerals shall be reserved to the applicant.

7. *Cancellation of Existing Condition of Title.*

The applicant shall at its own expense cause the following existing condition to be cancelled:

And subject further to an Agreement entered into between the said Ezekiel Davidson and the Minister of Irrigation in regard to the use in perpetuity of such portion as may be required for the purpose of aqueduct in terms of Acts Nos. 8 of 1912 and 32 of 1914, as will more fully appear from Deed of Agreement No. 142/1927 S.

8. *Endowment.*

The applicant shall, in terms of section 27 of Ordinance 11 of 1931, pay as an endowment to the local authority an amount representing 15% (fifteen percent) on land value only of all erven disposed of by the applicant by way of sale, barter or gift or in any other manner (other than erven transferred in terms of section 24 of that Ordinance), such value to be calculated as at the date of the promulgation of the township in the event of the erven having been disposed of prior to such promulgation or as at the date of such disposal in the event of the erven being disposed of after such promulgation and to be determined in the manner set out in the said section.

DORP TE STIG OP GEDEELTE 335 VAN DIE PLAAS ROODEKOPJES OF ZWARTKOPJES NO. 427 JQ, DISTRIK BRITS, TOEGESTAAN IS.

A. STIGTINGSVOORWAARDES.

1. *Naam.*

Die naam van die dorp is Primindia Uitbreiding No. 20.

2. *Ontwerpplan van Dorp.*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos op Algemene Plan L.G. No. A.5354/70 aangewys.

3. *Water.*

Die applikant moet met die plaaslike bestuur reëlings tref vir die voorsiening en retikulering van water in die dorp.

Daar mag op geen erf gebou word nie totdat 'n geskikte voorraad water tot by sy straatfront aangelê is.

Die applikant moet water retikuleer wanneer die plaaslike bestuur dit vereis en in elk geval moet genoemde plaaslike bestuur die applikant versoek om sy verpligtings na te kom ten opsigte van enige erf mits hy van die *bona fide*-voorneme van die eienaar oortuig is om binne 'n redelike tydperk te bou.

4. *Sanitêre Dienste.*

Die applikant moet reëlings tref met die plaaslike bestuur om 'n sanitêre diens te voorsien en te bedryf.

5. *Elektrisiteit.*

Die applikant moet met die plaaslike bestuur reëlings tref vir die lewering en retikulering van elektrisiteit.

6. *Minerale Regte.*

Alle regte op minerale en edelgesteentes word aan die applikant voorbehou.

7. *Kansellasië van Bestaande Titellovoorwaardes.*

Die applikant moet op eie onkoste die volgende bestaande voorwaarde laat kanselleer:

And subject further to an Agreement entered into between the said Ezekiel Davidson and the Minister of Irrigation in regard to the use in perpetuity of such portion as may be required for the purpose of aqueduct in terms of Acts Nos. 8 of 1912 and 32 of 1914, as will more fully appear from Deed of Agreement No. 142/1927S.

8. *Begiftiging.*

Die applikant moet ingevolge artikel 27 van Ordonnansie 11 van 1931, as 'n begiftiging aan die plaaslike bestuur 'n bedrag betaal gelykstaande met 15% (vyftien persent) van slegs die grondwaarde van alle erwe wat deur die applikant verkoop, verruil of geskenk of op enige ander manier van die hand gesit word (uitgesonderd erwe oorgedra ingevolge artikel 24 van daardie Ordonnansie) sodanige waarde bereken te word soos op die datum van die afkondiging van die dorp, indien die erwe voor sodanige afkondiging van die hand gesit is, of soos op dié datum waarop dit van die hand gesit word indien die erwe na sodanige afkondiging van die hand gesit word en vasgestel te word op die wyse uiteengesit in genoemde artikel.

Quarterly audited detailed statements shall be rendered by the applicant to the local authority and shall be accompanied by a remittance for the amount shown to be due to the local authority. The local authority, or any official duly authorised thereto by it, shall have the right to inspect and audit the applicant's books at all reasonable times relative to the disposal of erven in the township. If so required by the said local authority, or official, the applicant shall produce all such books and papers as may be necessary for such inspection and audit. If no such moneys have been received during any quarterly period the local authority may, in lieu of an audited statement, accept a statement to that effect.

9. *Disposal of Existing Conditions of Title.*

All erven must be made subject to existing conditions and servitudes, if any, but excluding the servitudes of right of way which co-incide with streets in the township and the rights which will not be passed on to the erven in the township.

10. *Amendment of Town-planning Scheme.*

The applicant shall at its own expense take the necessary steps to have the relevant town planning scheme amended immediately after proclamation of the township.

11. *Enforcement of Conditions.*

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions referred to in Section 56bis of Ordinance 11 of 1931: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

B. CONDITIONS OF TITLE.

1. *The Erven with Certain Exceptions.*

The erven with the exception of:—

- (i) such erven as may be acquired by the State; and
- (ii) such erven as may be acquired for municipal purposes provided the Administrator has approved the purposes for which such erven are required —

shall be subject to the conditions hereinafter set forth imposed by the Administrator in terms of Ordinance 11 of 1931:

(A) GENERAL CONDITIONS.

- (a) The applicant and any other person or body of persons so authorised in writing by the Administrator, shall, for the purpose of securing the enforcement of these conditions and any other conditions referred to in Section 56bis of Ordinance 11 of 1931, have the right and power to enter into and upon the erf at all reasonable times for the purpose of such inspection or inquiry as may be necessary to be made for the abovementioned purpose.
- (b) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.
- (c) The elevational treatment of all buildings shall conform to good architecture so as not to interfere with the amenities of the neighbourhood.

Die applikant moet geouditeerde, gedetailleerde kwartaalstate, tesame met die bedrag wat daarop aangewys word as verskuldig aan die plaaslike bestuur, aan die plaaslike bestuur verstrek. Die Plaaslike Bestuur of enige beamppte deur hom behoorlik daartoe magtiging verleen, besit die reg om op alle redelike tye die applikant se boeke betreffende die verkoop van erwe in die dorp te inspekteer en te ouditeer. Op versoek van genoemde plaaslike bestuur of beamppte moet die applikant alle boeke en stukke wat vir sodanige inspeksie en ouditering nodig is, voorlê.

9. *Beskikking oor Bestaande Titelvoorwaardes.*

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, sonder inbegrip van die serwitute van reg van weg wat met strate in die dorp ooreenstem en die regte wat nie aan die erwe in die dorp oorgedra word nie.

10. *Wysiging van Dorpsaanlegskema.*

Die applikant moet op eie koste die nodige stappe doen om die toepaslike dorpsaanlegskema te laat wysig onmiddellik nadat die dorp geproklameer is.

11. *Nakoming van Voorwaardes.*

Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes nakom en moet die nodige stappe doen om te sorg dat die titelvoorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel 56bis van Ordonnansie 11 van 1931 nagekom word. Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikant van almal of enigen van die verpligtings te onthef en sodanige verpligtings by enige ander persoon of liggaam van persone te laat berus.

B. TITELVOORWAARDES.

1. *Die Erwe met Sekere Uitsonderings.*

Die erwe met uitsondering van —

- (i) erwe wat deur die Staat verkry mag word; en
- (ii) erwe wat vir munisipale doeleindes verkry mag word, mits die Administrateur die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedgekeur het —

is onderworpe aan die voorwaardes hierna genoem, opgelê deur die Administrateur kragtens Ordonnansie 11 van 1931:—

(A) ALGEMENE VOORWAARDES.

- (a) Die applikant en enige ander persoon of liggaam van persone wat skriftelik deur die Administrateur daartoe gemagtig is, het met die doel om te sorg dat hierdie voorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel 56bis van Ordonnansie 11 van 1931, nagekom word, die reg en bevoegdheid om op alle redelike tye die erf te betree ten einde sodanige inspeksie te doen of ondersoek in te stel as wat vir die bovvermelde doel gedoen moet word.
- (b) Nóg die eienaar, nóg enigiemand anders besit die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.
- (c) Die aansigbehandeling van alle geboue moet aan die vereistes van goeie argitektuur voldoen sodat dit nie die aantreklikhede van die omgewing benadeel nie.

- (d) Neither the owner nor any other person shall have the right save and except to prepare the erf for building purposes, to excavate therefrom any material or to continue an existing use without the written consent of the local authority.
- (e) Except with the consent of the local authority no animal as defined in the Local Authorities Pounds Regulations, as published under Administrator's Notice No. 2 of 1929, shall be kept or stabled on the erf.
- (f) No wood and/or iron buildings or buildings of unburnt clay-brick shall be erected on the erf.
- (g) Where, in the opinion of the local authority, it is impracticable for stormwater to be drained from higher lying erven direct to a public street the owner of the erf shall be obliged to accept and/or permit the passage over the erf of such stormwater: Provided that the owners of any higher lying erven, the stormwater from which is discharged over any lower lying erf, shall be liable to pay a proportionate share of the cost of any pipe line or drain which the owner of such lower lying erf may find necessary to lay or construct for the purpose of conducting the water so discharged over the erf.
- (h) Upon the submission to the Registrar of Deeds of a certificate by the local authority to the effect that the township has been included in a Town-planning Scheme, and that the scheme contains conditions corresponding to the title conditions contained herein, such title conditions shall lapse.

(B) GENERAL BUSINESS ERVEN.

In addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, Erven Nos. 168 to 170 shall be subject to the following conditions:—

- (a) The erf shall be used for trade or business purposes only: Provided that it shall not be used for a place of amusement or assembly.
- (b) The business premises shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.
- (c) Subject to the provisions of any law, by-law or regulation and subclause (a) hereof, there shall be no limitation of the number of shops or businesses that may be established or conducted on the erf: Provided that no business of a Bantu Eating House of any description shall be conducted on the erf.
- (d) No offensive trade as specified either in Section 95 of the Local Government Ordinance, 17 of 1939, or in a Town-planning Scheme in operation in the area may be carried on upon the erf.

(C) SPECIAL RESIDENTIAL ERVEN.

The erven with the exception of those referred to in subclause (B) shall, in addition to the conditions set out in subclause (A) hereof, be subject to the following conditions:

- (a) The erf shall be used for the erection of a dwelling-house only: Provided that, with the consent of the Administrator after reference to the Townships Board and the local authority, a place of public worship or a place of instruction, social hall, institution or other buildings appertaining to a residential area may be erected on the erf: Provided further that the local authority may permit such other buildings as may be provided for in an approved Town-planning scheme, subject to the conditions of the Scheme under which the consent of the local authority is required.

- (d) Nòg die eienaar nòg enigiemand anders besit die reg om, behalwe om die erf vir boudoeleindes in gereedheid te bring, enige materiaal daarop uit te grawe sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur.
- (e) Behalwe met toestemming van die plaaslike bestuur mag geen dier, soos omskryf in die Skutregulasies van Plaaslike Besture, soos afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 2 van 1929, op die erf aangehou of op stal gesit word nie.
- (f) Geen geboue van hout en/of sink of geboue van roustene mag op die erf opgerig word nie.
- (g) Waar dit volgens die mening van die plaaslike bestuur ondoenlik is om neerslagwater van erwe met 'n hoër ligging regstreeks na 'n publieke straat toe af te voer, is die eienaar van die erf verplig om te aanvaar dat sodanige neerslagwater op sy erf vloei en/of toe te laat dat dit daaroor loop: Met dien verstande dat die eienaars van erwe met 'n hoër ligging, vanwaar die neerslagwater oor 'n erf met 'n laer ligging loop, aanspreeklik is om 'n eweredige aandeel van die koste te betaal van enige pyplyn of afleivoor wat die eienaar van sodanige erf met 'n laer ligging nodig mag vind om aan te lê of te bou om die water wat aldus oor die erf loop, af te voer.
- (h) By die indiening van 'n sertifikaat by die Registrateur van Aktes deur die plaaslike bestuur te dien effekte dat die dorp in 'n goedgekeurde skema opgeneem is en dat die skema voorwaardes bevat wat in ooreenstemming is met die titelvoorwaardes hierin vervat, kan sodanige titelvoorwaardes verval.

(B) ALGEMENE BESIGHEIDSERWE.

Benewens die voorwaardes uiteengesit in sub-klausule (A) hiervan, is Erwe Nos. 168 tot 170 aan die volgende voorwaardes onderworpe:

- (a) Die erf mag slegs vir handels- of besigheidsdoeleindes gebruik word: Met dien verstande dat dit nie gebruik mag word vir 'n vermaaklikheids- of vergaderplek nie.
- (b) Die besigheidsgeboue moet gelyktydig met of voor die buitegeboue opgerig word.
- (c) Behoudens die bepalings van enige wet, verordening of regulasie en subklausule (a) hiervan, is daar geen beperking wat die aantal winkels of besighede betref wat op die erf opgerig of gedryf kan word nie: Met dien verstande dat geen besigheid van 'n Bantoeethuis van watter aard ook al op die erf gedryf mag word nie.
- (d) Geen hinderlike bedryf, soos omskryf òf in artikel 95 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, òf in 'n Dorpsaanlegskema wat op die gebied van toepassing is, mag op die erf gedryf word nie.

(C) SPESIALE WOONERWE.

Benewens die voorwaardes uiteengesit in subklausule (A) hiervan, is die erwe met uitsondering van dié wat in subklausule (B) genoem word, ook aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) Die erf moet slegs gebruik word om daarop 'n woonhuis op te rig: Met dien verstande dat, met toestemming van die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur, 'n plek van openbare godsdiensoefening of 'n plek van onderrig, 'n gemeenskapsaal, 'n inrigting of ander geboue wat in 'n woongebied tuishoort op die erf opgerig kan word.

- (b) Not more than one dwelling-house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on the erf: Provided that if the erf is subdivided or if such erf or any portion thereof is consolidated with any other erf or portion of an erf this condition may with the consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area.
- (c) The main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.
- (d) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 9 metres from the boundary thereof abutting on a street: Provided that the local authority shall have the right to relax this restriction if it should interfere with the development of the erf.
- (e) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

2. Servitude for Sewerage and other Municipal Purposes.

In addition to the relevant conditions set out above the erven shall be subject to the following conditions:—

- (a) The erf is subject to a servitude, 2 metres wide in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along one only of its boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.
- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no largerooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 metres thereof.
- (c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of constructing, maintaining or removing such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

3. Definitions.

In the foregoing conditions the following terms shall have the meaning assigned to them:—

- (i) "Applicant" means Suliman Mahomed Soomar (Proprietary) Limited and its successors in title to the Township.
- (ii) "Dwelling-house" means a house designed for use as a dwelling for a single family.

4. State and Municipal Erven.

Should any erf acquired as contemplated in clause B1(i) and (ii) hereof, come into the possession of any person other than the State or the local authority such erf shall, thereupon, be subject to such conditions as may be imposed by the Administrator.

- (b) Nie meer as een woonhuis met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is, mag op die erf opgerig word nie: Met dien verstande dat as die erf onderverdeel word of as sodanige erf of enige gedeelte daarvan met enige ander erf of gedeelte van 'n erf gekonsolideer word, hierdie voorwaarde met toestemming van die Administrateur op elke gevolglike gedeelte of gekonsolideerde gebied toegepas kan word.
- (c) Die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig is en eers later voltooi gaan word nie, moet gelyktydig met, of vóór die oprigting van die buitegeboue opgerig word.
- (d) Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 9 meter van die straatgrens daarvan geleë wees: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur die reg het om hierdie beperking te verslap indien dit die ontwikkeling van die erf sou benadeel.
- (e) Indien die erf omhein of op enige ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal tot voldoening van die plaaslike bestuur opgerig en onderhou word.

2. Servituut vir Riolerings- en Ander Munisipale Doeleindes.

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit, is die erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n servituut vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, 2 meter breed, langs net een van sy grense uitgesonderd 'n straatgrens soos bepaal deur die plaaslike bestuur.
- (b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde servituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige servituut of binne 'n afstand van 2 meter daarvan geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpyleiding en ander werke wat hy volgens goeëdunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde servituut grens; en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpyleiding en ander werke veroorsaak word.

3. Woordomskrywing.

In voormelde voorwaardes het onderstaande uitdrukkings die betekenis wat aan hulle geheg word:—

- (i) "Applikant" beteken Suliman Mahomed Soomar (Proprietary) Limited en sy opvolgers tot die eiendomsreg van die dorp.
- (ii) „Woonhuis” beteken 'n huis wat ontwerp is vir gebruik as 'n woning deur een gesin.

4. Staats- en Munisipale Erwe.

As enige erf wat verkry word soos beoog in klousule B1(i) en (ii) hiervan, in die besit kom van enige ander persoon as die Staat of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Administrateur bepaal.

ADMINISTRATOR'S NOTICES

Administrator's Notice 766

23 June, 1971

KLERKSDORP MUNICIPALITY: PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES.

Notice is hereby given, in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Klerksdorp has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by section 9(7) of the said Ordinance alter the boundaries of the Klerksdorp Municipality by the inclusion therein of the area described in the Schedule hereto.

It shall be competent for all persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to present to the Administrator a counter-petition setting forth the grounds of opposition to the said proposal. PB. 3-2-3-17.

SCHEDULE.**KLERKSDORP MUNICIPALITY: DESCRIPTION OF AREA TO BE INCLUDED.**

Beginning at the north-western beacon of the Remainder of Portion 2 (Diagram S.G. A.5002/05) of the farm Nootgedacht 434-IP; proceeding thence eastwards along the northern boundary of the said Remainder of Portion 2 to beacon lettered S on Diagram S.G. A.5002/05 of the Remainder of Portion 2; thence generally southwards along the middle of the Schoonspruit to the north-eastern corner of Portion 62 (Diagram S.G. A.8198/48) of the farm Nootgedacht 434-IP; thence generally westwards along the boundaries of the following portions of the said farm Nootgedacht so as to exclude them from this area: the said Portion 62, Portion 64 (Diagram S.G. A.8200/48), Portion 65 (Diagram S.G. A.8201/48), Portion 66 (Diagram S.G. A.8202/48), Portion 67 (Diagram S.G. A.8203/48) and Portion 17 (Diagram S.G. A.299/26) to the north-western beacon of the last-named portion; thence northwards along the western boundary of the Remainder of Portion 2 (Diagram S.G. A.5002/05) to the north-western beacon thereof, the place of beginning.

Administrator's Notice 767

23 June, 1971

BRONKHORSTSPRUIT MUNICIPALITY: PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES.

Notice is hereby given, in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Village Council of Bronkhorstspuit has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by section 9(7) of the said Ordinance, alter the boundaries of the Bronkhorstspuit Municipality by the inclusion therein of the area described in the Schedule hereto.

It shall be competent for all persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to present to the Administrator a counter-petition setting forth the grounds of opposition to the said proposal. PB. 3-2-3-50.
23—30—7

SCHEDULE.**BRONKHORSTSPRUIT MUNICIPALITY: DESCRIPTION OF AREAS TO BE INCLUDED.**

A. Beginning at the north-eastern beacon of Portion 26 (Diagram S.G. A3786/42) of the farm Hondsrivier

ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS

Administrateurskennisgewing 766

23 Junie 1971

MUNISIPALITEIT KLERKSDORP: VOORGESTELDE VERANDERING VAN GRENSE.

Ingevolge artikel 10 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Klerksdorp 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdhede aan hom verleen by artikel 9(7) van genoemde Ordonnansie uitoefen en die grense van die Munisipaliteit Klerksdorp verander deur die opneming daarin van die gebied wat in die Bylae hierby omskryf word.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Provinsiale Koerant* aan die Administrateur 'n teenpetisie voor te lê, met vermelding van die gronde van beswaar teen genoemde voorstel. PB. 3-2-3-17.

BYLAE.**MUNISIPALITEIT KLERKSDORP: BESKRYWING VAN GEBIED INGELYF TE WORD.**

4. *Vorderings vir aansluiting van watertoevoer.*

- (1) Vir die aansluiting van die watertoevoer op versoek van die verbruiker: Werklike koste van materiaal en arbeid, plus 10% administrasiekoste.
- (2) Vir die heraansluiting van watertoevoer wat afgesluit is op versoek van die verbruiker of weens 'n oortreding van hierdie verordeninge: R1.

5. *Vorderings vir toets van watermeters.*

'n Bedrag van R5 word gevorder ten opsigte van die toets van 'n watermeter op versoek in alle gevalle waar dit deur die toets van sodanige meter vasgestel is dat die meter nie meer as 5% van die korrekte lesing afwyk nie."

2. Deur subartikel (2) van artikel 53 deur die volgende te vervang:—

“(2)(a) Die verbruiker moet teen die skaal wat in die tarief voorgeskryf is, vir die hoeveelheid water wat aldus afgemeet is, betaal: Met dien verstande dat wanneer dit om welke rede ook al deur die Raad as ondoenlik geag word om 'n meter betyds binne enige maand af te lees, 'n voorlopige bedrag gebaseer op die gemiddelde verbruik deur die betrokke verbruiker oor die vorige drie maande vir die maand waarin die meter nie afgelees is nie, betaalbaar is.

(b) Wanneer die meter daarna afgelees word, word die koste van die water verbruik, bereken volgens die toepaslike skaal van die Tarief van Gelde onder die Aanhangsel by Hoofstuk 3, min enige voorlopige bedrag wat deur die verbruiker ingevolge paragraaf (a) betaal is, op die verbruiker verhaal of word sy rekening gekrediteer met die bedrag wat te veel betaal is, al na die geval."

PB. 2-4-2-104-99.

Administrateurskennisgewing 827

30 Junie 1971

KENNISGEWING VAN VERBETERING.

MUNISIPALITEIT RANDBURG: WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Administrateurskennisgewing 621 van 19 Mei 1971, word hierby verbeter deur in item 5(1) na die woord „gebruik” die woord „word” in te voeg.

PB. 2-4-2-104-132.

Administrateurskennisgewing 828

30 Junie 1971

MUNISIPALITEIT BARBERTON: WYSIGING VAN RIOLERINGS- EN LOODGIETERYVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

The Drainage and Plumbing By-laws of the Barberton Municipality, published under Administrator's Notice 843, dated 10 August 1970, are hereby amended by the addition after Annexure V of the following:—

“ANNEXURE VI
(Applicable to the Barberton Municipality only)

SCHEDULE A.
APPLICATION CHARGES.

PART I

1. The charges set out in Part II of this Schedule shall be payable in terms of section 10(1) in respect of every application made in terms of section 5 and shall be paid by the person by or on behalf of whom the application is made.
2. The engineer shall assess the charges payable in respect of an application received in terms of section 5 in accordance with Part II, or in any special case as nearly as may be in accordance therewith: Provided that any person aggrieved by any such assessment shall have the right to appeal in the manner prescribed in terms of section 3.

PART II

	R
1. Minimum charge payable in respect of any application as aforesaid	2,00
2. Subject to the obligation to pay a minimum charge as prescribed in item 1, the charges payable in respect of any application as aforesaid shall be the following:—	
(1) For every 46 square metres or part of that number of square metres of the floor area of the basement and ground-floor storeys of any building to be served by, or the use of which will, whether directly or indirectly, be associated with the use of the drainage installation	1,00
(2) For every 46 square metres or part of that number of square metres of the floor area of all other storeys of a building as described in subitem (1)	0,50
3. The charges payable in respect of any application for an alteration, not amounting to a reconstruction of, or for additions to, an existing drainage installation shall be the following:—	
For each storey of a building as described in item 2	2,00
4. Charges payable in respect of every application made in terms of section 7(2)	2,00

SCHEDULE B.
DRAINAGE CHARGES.

PART I

GENERAL RULES REGARDING CHARGES.

1. The charges set out in this Schedule shall in terms of section 9 be payable in respect of the Council's sewers and the owner of the property to which any charge relates shall be liable therefor.
2. Where any person who is required to furnish a return in terms of this Schedule or to provide such other information as may be necessary to enable the Council to determine the charges to be made under this

Die Riolerings- en Loodgietryverordeninge van die Munisipaliteit Barberton, afgekondig by Administrateurskennisgewing 843 van 10 Augustus 1970, word hierby gewysig deur na Aanhangsel V die volgende by te voeg:—

„AANHANGSEL VI
(Slegs van toepassing op die Munisipaliteit Barberton)

BYLAE A.
AANSOEKGELDE.

DEEL I

1. Die gelde wat in Deel II van hierdie Bylae aangegee word, is ingevolge artikel 10(1) betaalbaar ten opsigte van iedere aansoek wat ingevolge artikel 5 ingedien word, en moet betaal word deur die persoon deur wie of namens wie die aansoek gedoen word.
2. Die ingenieur moet die gelde wat betaalbaar is ten opsigte van aansoeke wat ingevolge artikel 5 ontvang word, ooreenkomstig Deel II of, in 'n spesiale geval, so na as moontlik ooreenkomstig genoemde Deel II bereken: Met dien verstande dat enigiemand wat voel dat hy deur so 'n berekening benadeel is, daarteen appèl kan aanteken op die wyse wat by artikel 3 voorgeskryf word.

DEEL II

	R
1. Minimum bedrag betaalbaar ten opsigte van enige aansoek, soos voornoem	2,00
2. Behoudens die verpligting om 'n minimum bedrag soos voorgeskryf by item 1, te betaal, is die volgende gelde betaalbaar ten opsigte van enige aansoek soos voornoem:—	
(1) Vir iedere 46 vierkante meter of gedeelte daarvan, van die vloerruimte van die kelder- en grondverdieping van enige gebou wat bedien word deur, of waarvan die gebruik regstreeks of onregstreeks saamgaan met die gebruik van, die perseel-rioolstelsel	1,00
(2) Vir iedere 46 vierkante meter of gedeelte daarvan, van die vloerruimte van alle ander verdiepings van 'n gebou soos dit by subitem (1) omskryf word	0,50
3. Vir enige aansoek om 'n bestaande perseel-rioolstelsel te kan verbou, uitgesonderd die herbouing daarvan, of om aanbouingswerk daaraan te kan verrig, is die volgende gelde betaalbaar:	
Vir iedere verdieping van 'n gebou, soos dit by item 2 omskryf word	2,00
4. Vir iedere aansoek wat ingevolge artikel 7(2) ingedien word	2,00

BYLAE B.

RIOLERINGSSELDE.

DEEL I

ALGEMENE REËLS BETREFFENDE GELDE.

1. Die gelde wat in hierdie Bylae aangegee word, is ingevolge artikel 9 ten opsigte van die Raad se straat-riole betaalbaar en die eienaar van die eiendom waarop die gelde betrekking het, is daarvoor aanspreeklik.
2. Iemand wat gelas word om ingevolge hierdie Bylae 'n opgawe in te dien of om ander inligting te verstrek wat die Raad nodig het om die gelde ingevolge hierdie Bylae te kan bereken, en wat versuim om dit

Schedule fails to do so within thirty days after having been called upon to do so by notice, in writing, he shall pay such charges as the Council shall assess on the best information available to it.

3. In all cases of dispute as to the part or category of this schedule which is applicable or as to the date from which any part or category is applicable to any premises, the decision of the engineer shall be decisive subject to a right of the owner to appeal against the decision to the Committee of the Council appointed to administer these by-laws.
4. (1) In the case of premises already connected to a sewer, the charges imposed in terms of Parts II and III and in the case of premises not connected to a sewer the charges imposed in terms of Part II of this Schedule shall come into operation on the date of publication of these by-laws.
(2) In the case of premises not connected to a sewer the charges imposed in terms of Part III of this Schedule shall come into operation on the date on which the Council requires that a connection shall be made to a sewer or from the date when the premises are in fact connected to a sewer, whichever is the earlier.
5. Where any building is partially occupied before completion, charges shall be levied in respect of it at half the rates appropriate to it in terms of Part III of this Schedule for a period of three calendar months after the date of the first occupation after which the said charges shall be paid in the full amount of the said rate.
6. The charges imposed in terms of Part III of this Schedule shall remain effective in the case of buildings wholly unoccupied or in the course of demolition until the date on which the Council is asked to seal the opening to the Council's sewer.
7. Where any change, other than a change as referred to in rule 6, is made in the nature of the occupation or the use of any premises which requires the application of a different tariff in terms of this Schedule, no claim for any adjustment of an account rendered or any refund of moneys paid in terms of this Schedule shall be entertained by the Council unless notice in writing of the change is given to the Council within thirty days of the date of its occurrence.
8. In the case of premises or places connected to the Council's sewer and not falling under any of the categories enumerated in this Schedule, the charge to be imposed by the Council shall, regard being had to the nature of the premises, correspond as closely as possible to the provisions of this Schedule.

PART II

CHARGES IN RESPECT OF SEWERS WHICH ARE AVAILABLE.

1. For the purposes of this Part of this Schedule — 'piece of land' means any piece of land registered in a deeds registry office as an erf, lot, stand or other area, or any defined portion, not intended as a public place, of a piece of land proclaimed as a township.

te doen binne dertig dae nadat hy skriftelik kennis ontvang het om dit te doen, moet die gelde betaal wat die Raad met die beste inligting tot sy beskikking bereken.

3. In alle geskille wat ontstaan oor die deel of kategorie van hierdie Bylae wat van toepassing is of oor die datum waarop enige deel of kategorie van toepassing is op enige perseel, is die beslissing van die ingenieur beslissend: Met dien verstande dat die eienaar in so 'n geval by die Komitee van die Raad wat met die administrasie van hierdie verordeninge belas is, teen sy beslissing appèl kan aanteken.
4. (1) In die geval van 'n perseel wat reeds met 'n straatriool verbind is, word die gelde wat by Dele II en III gehef word, en in die geval van 'n perseel wat nie met 'n straatriool verbind is nie, word die gelde wat by Deel II van hierdie Bylae gehef word, van krag op die datum waarop hierdie verordeninge afgekondig word.
(2) In die geval van 'n perseel wat nie met 'n straatriool verbind is nie, word die gelde wat by Deel III van hierdie Bylae gehef word, van krag op die datum waarop 'n perseel in opdrag van die Raad met 'n straatriool verbind moet word, of waarop die perseel inderdaad met 'n straatriool verbind word, watter datum ook al die vroegste is.
5. Indien 'n gebou gedeeltelik geokkupeer word voordat dit voltooi is, word die helfte van die gelde wat ingevolge Deel III van hierdie Bylae daarop van toepassing is, vir 'n tydperk van drie kalendermaande van die datum af waarop dit die eerste geokkupeer is gehef, maar daarna moet genoemde gelde ten volle betaal word.
6. Die gelde wat by Deel III van hierdie Bylae gehef word bly, in die geval van geboue wat heeltemal leeg staan of gesloop word, van krag tot op die datum waarop die Raad gevra word om die betrokke opening na die Raad se straatriool te verseël.
7. Ingeval daar 'n verandering, uitgesonderd 'n verandering soos die waarna daar in reël 6 verwys word, plaasvind in die aard van die okkupasie of die gebruik van 'n perseel en so 'n verandering meebring dat 'n ander tarief ingevolge hierdie Bylae daarop van toepassing gemaak moet word, oorweeg die Raad geen eis vir die aansuiwering van 'n rekening wat reeds gelewer is of vir die terugbetaling van gelde wat betaal is ingevolge hierdie Bylae nie tensy die Raad binne dertig dae nadat so 'n verandering plaasgevind het, skriftelik daarvan in kennis gestel is.
8. In die geval van persele of plekke wat met die Raad se straatriool verbind is en wat nie ressorteer onder enigeen van die kategorieë wat in hierdie Bylae uiteengesit word nie, moet die gelde wat die Raad vorder, met inagneming van die aard van die perseel, so na as moontlik ooreenstem met die bepalings van hierdie Bylae:

DEEL II

GELDE TEN OPSIGTE VAN BESKIKBARE STRAATRIOLE.

1. Vir die toepassing van hierdie Deel van hierdie Bylae beteken: 'stuk grond' enige stuk grond wat in 'n aktekantoor geregistreer is as 'n erf, plot, standplaas, of ander gebied, of as 'n omskrewe gedeelte, wat nie as 'n openbare plek bedoel is nie, van 'n stuk grond wat as 'n dorp geproklameer is.

2. Where a piece of land, whether or not there are improvements thereon, is or, in the opinion of the Council, can be connected to any sewer under the control of the Council, the owner of that piece of land shall pay to the Council every month the charges specified hereunder:—

	<i>Per month</i> R
(a) <i>Provincial and State property.</i>	
For every 100 square metres or portion thereof	0,10
(b) <i>All other premises.</i>	
For every 100 square metres or portion thereof	0,15

3. In cases where improvements on any such piece of land are in separate occupation in detached buildings, this tariff shall apply to each portion of such piece of land in separate occupation, without prejudice to any provisions of the Council's town-planning scheme.

4. For the purposes of this tariff the area of any portion of a piece of land shall be determined by dividing the area of such piece of land by the number of detached buildings in separate occupation thereon, and the quotient thus obtained shall be deemed to be the area of each portion of such piece of land in separate occupation: Provided that the occupation of outhouses by *bona fide domestic servants* shall not be deemed as separate occupation.

PART III

Domestic Sewage.

The owner of any land or buildings having a drainage installation thereon which is connected to the Council's sewer shall be liable to pay the following charges in addition to the charges imposed in terms of other Parts of this Schedule:—

	<i>Per month</i> R
For every water closet or pan, urinal pan or compartment	0,50

SCHEDULE C.

Work Charges.

- | | R |
|---|------|
| 1. Sealing of openings in terms of section 14(3) per opening | 3,00 |
| 2. Removing blockages in terms of section 17(5):— | |
| (1) <i>On weekdays:—</i> | |
| (a) For the first half-hour after work has commenced | 2,00 |
| (b) For every half-hour of work thereafter | 1,00 |
| (2) <i>On Sundays and public holidays:—</i> | |
| (a) For the first half-hour after work has commenced | 3,00 |
| (b) For every half-hour of work thereafter | 2,00 |
| 3. Providing connections to sewer in terms of section 12(4): Actual cost plus 10%. | |
| 4. The owner of the property in respect of which the work in terms of items 1, 2 or 3 is done shall be responsible to the Council for the payment of work charges." | |

PB. 2-4-2-34-5.

2. Indien 'n stuk grond, of daar verbeterings daarop is of nie, verbind is met 'n straatriool wat deur die Raad beheer word of na die mening van die Raad, met so 'n straatriool verbind kan word moet die eienaar van die stuk grond iedere maand die bedrag soos hieronder uiteengesit, aan die Raad betaal:—

	<i>Per maand</i> R
(a) <i>Provinsiale en Staatseiendomme.</i>	
Vir elke 100 vierkante meter oppervlakte of gedeelte daarvan	0,10
(b) <i>Alle ander persele.</i>	
Vir elke 100 vierkante meter oppervlakte of gedeelte daarvan	0,15

3. In gevalle waar verbeterings op enige sodanige stuk grond afsonderlik bewoon word in losstaande geboue, is hierdie tarief van toepassing op elke afsonderlik bewoonde gedeelte van so 'n stuk grond, sonder benadeling van enige bepalinge van die Raad se dorpsaanlegskema.

4. Vir die toepassing van hierdie tarief word die oppervlakte van enige afsonderlik bewoonde gedeelte van 'n stuk grond bepaal deur die oppervlakte van so 'n stuk grond te verdeel deur die aantal losstaande en afsonderlik bewoonde geboue daarop, en die kwosient aldus verkry word geag die oppervlakte te wees van elke afsonderlik bewoonde gedeelte van so 'n stuk grond: Met dien verstande dat die bewoning van buitegeboue deur *bona-fide* huisbediendes nie beskou word as afsonderlike bewoning nie.

DEEL III

Huishoudelike Rioolvuil.

Die eienaar van grond waarop, of geboue waarin daar perseelrioolstelsels is wat met die Raad se straatriool verbind is, betaal, benewens die gelde wat ingevolge ander Dele van hierdie Bylae gevorder word, onderstaande gelde:—

	<i>Per maand</i> R
Vir elke spoelkloset of pan, urinaalpan of -afskorting	0,50

BYLAE C.

Gelde vir Werk.

- | | R |
|---|------|
| 1. Verseëling van openings ingevolge artikel 14(3) per opening | 3,00 |
| 2. Opmaak van verstoppe perseelriole ingevolge artikel 17(5):— | |
| (i) <i>Weekdae:—</i> | |
| (a) Vir die eerste halfuur nadat daar met die werk begin is | 2,00 |
| (b) Vir iedere halfuur wat daarna gewerk word | 1,00 |
| (ii) <i>Sondae en openbare vakansiedae:—</i> | |
| (a) Vir die eerste halfuur nadat daar met die werk begin is | 3,00 |
| (b) Vir iedere halfuur wat daarna gewerk word | 2,00 |
| 3. Aansluiting by straatriool ingevolge artikel 12(4): Werklike koste plus 10%. | |
| 4. Die eienaar van die eiendom waarop, of ten opsigte waarvan die werk ingevolge items 1, 2 of 3 verrig word, is vir die gelde vir werk teenoor die Raad aanspreeklik." | |

PB. 2-4-2-34-5.

Administrator's Notice 829

30 June, 1971

Administrateurskennisgewing 829

30 Junie 1971

DEVIATION AND WIDENING: DISTRICT ROAD 766: DISTRICT OF VEREENIGING.


VERLEGGING EN VERBREDING: DISTRIKSPAD 766: DISTRIK VEREENIGING.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Vereeniging, in terms of section 5(1)(d) and section 3 of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957), that District Road 766 traversing the farms Elandsfontein 334-I.Q. and Bronkhorstfontein 329-I.Q., district of Vereeniging, shall be deviated and widened to 37,783 metres as indicated on the sketch plan subjoined hereto.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Vereeniging, ingevolge artikel 5(1)(d) en artikel 3 van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), goedgekeur het dat Distrikspad 766 oor die plase Elandsfontein 334-I.Q. en Bronkhorstfontein 329-I.Q., distrik Vereeniging, verlê en verbreed word na 37,783 meter soos aangetoon op bygaande sketsplan.

D.P. 021-024-23/22/766(a)

D.P. 021-024-23/22/766(a)



Administrator's Notice 830

30 June, 1971

Administrateurskennisgewing 830

30 Junie 1971

OPENING: PUBLIC DISTRICT ROAD TRAVERSING THE FARM ELANDSFONTEIN 334-I.Q.: DISTRICT OF VEREENIGING.


OPENING: OPENBARE DISTRIKSPAD OOR DIE PLAAS ELANDSFONTEIN 334-I.Q.: DISTRIK VEREENIGING.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Vereeniging, in terms of section 5(1)(b) and section 3 of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957), that a public district road, 10 metres wide, traversing the farm Elandsfontein 334-I.Q., district of Vereeniging, shall exist as indicated on the subjoined sketch plan.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Vereeniging, ingevolge artikel 5(1)(b) en artikel 3 van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), goedgekeur het dat 'n openbare distrikspad, 10 meter breed, oor die plaas Elandsfontein 334-I.Q., distrik Vereeniging, sal bestaan soos op die bygaande sketsplan aangetoon.

D.P. 021-024-23/22/766(b)

D.P. 021-024-23/22/766(b)



Administrator's Notice 831

30 June, 1971

Administrateurskennisgewing 831

30 Junie 1971

DEVIATION AND WIDENING OF DISTRICT ROAD 655: DISTRICT OF LICHTENBURG.

VERLEGGING EN VERBREDING VAN DISTRIKSPAD 655: DISTRIK LICHTENBURG.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and re-

Dit word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die


port by the Road Board of Lichtenburg in terms of section 5(1)(d) and section 3 of the Roads Ordinance 22 of 1957 that District Road 655, traversing the farm Liliespan 239-I.P., district of Lichtenburg shall be deviated and widened to 80 Cape feet wide, as indicated on the subjoined sketch plan.

D.P. 07-075D-23/22/655.

Padraad van Lichtenburg goedgekeur het, ingevolge artikel 5(1)(d) en artikel 3 van die Padordonnansie 22 van 1957, dat distrikspad 655 oor die plaas Liliespan 239, I.P., distrik Lichtenburg, verlê en verbreed word na 80 Kaapse voet, soos aangetoon op bygaande sketsplan.

D.P. 07-075D-23/22/655.

D.P.-07-075D.-23/22/655



<u>VERWYSING</u>	<u>REFERENCE</u>
BESTAANDE PAAIE	EXISTING ROADS
PAD VERLÊ EN VERBREED NA	ROAD DEVIATED AND WIDENED TO
80 KAAPSE VOET (25,19 M)	80 CAPE FEET (25,19 M)
PAD GESLUIT	ROAD CLOSED



Administrator's Notice 832 30 June, 1971

ROAD ADJUSTMENTS ON THE FARMS LEEUWLAAGTE 498-L.S. AND LEEUWKOPJE 505-L.S.: DISTRICT OF PIETERSBURG.

With reference to Administrator's Notice 485 of 21st April, 1971, it is hereby notified for general information that the Administrator is pleased, under the provisions of sub-section (6) of section 29 of the Roads Ordinance 22 of 1957 to approve the road adjustments, shown on the sub-joined sketch plan.


D.P. 03-032-23/24/L-3.

Administrateurskennisgewing 832 30 Junie 1971

PADREËLINGS OP DIE PLAAS LEEUWLAAGTE 498-L.S. EN LEEUWKOPJE 505-L.S.: DISTRIK PIETERSBURG.

Met betrekking tot Administrateurskennisgewing 485 van 21 April 1971, word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat dit die Administrateur behaag om ooreenkomstig subartikel (6) van artikel 29 van die Padordonnansie 22 van 1957 goedkeuring te heg aan die padreëlings, soos aangetoon op bygaande sketsplan.

D.P. 03-032-23/24/L-3.



DPO3-032-23/24/L-3

<u>VERWYSING</u>	<u>REFERENCE</u>
BESTAANDE PAAIE.	EXISTING ROADS.
PAAIE GESLUIT.	ROADS CLOSED.

Administrator's Notice 833 30 June, 1971

DEVIATION AND WIDENING: DISTRICT ROAD 1059: DISTRICTS OF DELMAS AND NIGEL.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Springs, in terms of section 5(1)(d) and section 3 of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957), that District Road 1059 traversing the farms Leeuwkop 299-I.R., distrik Nigel, and Enkeldebosch 301-I.R., Steenkoolspruit 302-I.R., Haver-


Administrateurskennisgewing 833 30 Junie 1971

VERLEGGING EN VERBREDING: DISTRIKSPAD 1059: DISTRIKTE DELMAS EN NIGEL.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Springs, ingevolge artikel 5(1)(d) en artikel 3 van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), goedgekeur het dat Distrikspad 1059 oor die plase Leeuwkop 299-I.R., distrik Nigel en Enkeldebosch 301-I.R., Steenkoolspruit 302-I.R., Haverklip 265-I.R. en

klip 265-I.R. and Brakfontein 264-I.R., district of Delmas, shall be deviated and widened to 120 Cape feet as indicated on the sketch plan subjoined hereto.
D.P. 021-022-23/22/1059.

Brakfontein 264-I.R., distrik Delmas, verlê en verbreed word na 120 Kaapse voet soos aangedui op bygaande sketsplan.
D.P. 021-022-23/22/1059.



Administrator's Notice 834

30 June, 1971

Administrateurskennisgewing 834

30 Junie 1971

WIDENING — PUBLIC ROAD: DISTRICT OF LETABA.


VERBREDING — OPENBARE PAD: DISTRIK LETABA.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Letaba, in terms of section 3 of the Roads Ordinance 22 of 1957, that District Road 1292, traversing the farms Welverwacht 510-L.T., Jaffray 511-L.T., Le Dauphine 466 L.T., Taganashoek 465 L.T., Riverside 514-L.T., and La Motte 464-L.T., district of Letaba, shall be widened to 80 Cape feet, as shown on the sketch plan subjoined hereto.

D.P. 03-034-23/22/1292.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Letaba, ingevolge artikel 3 van die Padordonnansie 22 van 1957, goedgekeur het dat Distrikspad 1292 oor die plase Welverwacht 510-L.T., Jaffray 511-L.T., Le Dauphine 466-L.T., Taganashoek 465-L.T., Riverside 514-L.T. en La Motte 464-L.T., distrik Letaba, na 80 Kaapse voet verbreed word soos aangedui op bygaande sketsplan.

D.P. 03-034-23/22/1292.



Administrator's Notice 835

30 June, 1971

Administrateurskennisgewing 835

30 Junie 1971

DEVIATION AND WIDENING: DISTRICT ROAD 1274: DISTRICT OF DELMAS.

VERLEGGING EN VERBREDING: DISTRIKSPAD 1274: DISTRIK DELMAS.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Springs, in terms of section 5(1)(d) and section 3 of the Roads Ordinance, 1957 (Or-


Dit word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Springs, ingevolge artikel 5(1)(d) en artikel 3 van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van

dinance 22 of 1957), that District Road 1274 traversing the farm Brakfontein 264-I.R., district of Delmas, shall be deviated and widened from 15,74 metres to 37,78 metres as indicated on the sketch plan subjoined hereto.

D.P. 021-022-23/22/1274.

1957), goedgekeur het dat Distrikspad 1274 oor die plaas Brakfontein 264-I.R., distrik Delmas, verlé en verbreed word vanaf 15,74 meter na 37,78 meter soos aangetoon op bygaande sketsplan.

D.P. 021-022-23/22/1274.



Administrator's Notice 836

30 June, 1971

WIDENING OF DISTRICT ROAD 855: DISTRICT OF DELAREYVILLE.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Delareyville in terms of section 3 of the Roads Ordinance 22 of 1957, that District Road 855 traversing the farms Holfontein 279 I.P. and Droogekraal 283 I.P., district of Delareyville shall be widened to 80 Cape feet, as indicated on the subjoined sketch plan.

D.P. 07-075D-23/22/855.


Administrateurskennisgewing 836

30 Junie 1971

VERBREIDING VAN DISTRIKSPAD 855: DISTRIK DELAREYVILLE.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Delareyville ingevolge artikel 3 van die Padordonnansie 22 van 1957, goedgekeur het dat Distrikspad 855 oor die plase Holfontein 279 I.P. en Droogekraal 283 I.P., distrik Delareyville, verbreed word na 80 Kaapse voet soos aangetoon op bygaande sketsplan.

D.P. 07-075D-23/22/855.



D.P. 07-075D-23/22/855

VERWYSING	REFERENCE
BESTAANDE PAAD	EXISTING ROADS
PAD VERBREED NA 80 KAAPSE VOET	ROAD WIDENED TO 80 CAPE FEET

Administrator's Notice 837

30 June, 1971

DEVIATION, WIDENING AND OPENING OF DISTRICT ROADS: DISTRICT OF RUSTENBURG.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Rustenburg, that District Road 2209 traversing the farms Kraalhoek 269-J.Q., Magathashoek 270-J.Q., and Avondale 315-J.Q., district of Rustenburg, shall be deviated and widened from 50 Cape feet to 80 Cape feet in terms of paragraph (d) of sub-section (1) of section 5 and section 3 of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957), and that a public district road, 50 Cape feet wide, shall exist on the farm Magathashoek 270-J.Q., district of Rustenburg, in terms of paragraphs (b) and (c) of sub-section (1) of section 5 and section 3 of the said Ordinance, as indicated on the subjoined sketch plan.

D.P. 08-082-23/22/2209.


Administrateurskennisgewing 837

30 Junie 1971

VERLEGGING, VERBREIDING EN OPENING VAN DISTRIKSPAARIE: DISTRIK RUSTENBURG.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Rustenburg, goedgekeur het dat Distrikspad 2209 op die plase Kraalhoek 269-J.Q., Magathashoek 270-J.Q. en Avondale 315-J.Q., distrik Rustenburg, kragtens paragraaf (d) van subartikel (1) van artikel 5 en artikel 3 van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), verlé en verbreed word vanaf 50 Kaapse voet na 80 Kaapse voet, en dat 'n openbare distrikspad, 50 Kaapse voet breed, op die plaas Magathashoek 270-J.Q., distrik Rustenburg, kragtens paragrawe (b) en (c) van subartikel (1) van artikel 5 en artikel 3 van die genoemde Ordonnansie sal bestaan, soos aangetoon op bygaande sketsplan.

D.P. 08-082-23/22/2209.



Administrator's Notice 838

30 June, 1971

BRITS MUNICIPALITY: PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES.

Notice is hereby given, in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Brits has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by section 9(7) of the said Ordinance alter the boundaries of the Brits Municipality by the inclusion therein of the areas described in the Schedule hereto.

It shall be competent for all persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to present to the Administrator a counter-petition setting forth the grounds of opposition to the said proposal.

P.B. 3-2-3-10/Vol. 1.

SCHEDULE.

BRITS MUNICIPALITY: DESCRIPTION OF AREAS TO BE INCLUDED.

A. Beginning at the western most beacon of Portion 87 (Diagram S.G. A.2020/29) of the farm Krokodildrift 446-JQ; proceeding thence north-eastwards along the north-western boundaries of the following portions of the said farm Krokodildrift 446-JQ: The said Portion 87, Portion 52 (Diagram S.G. A.447/27), Portion 53 (Diagram S.G. A.448/27) and the Remaining Extent of Portion 45 (Diagram S.G. A.3805/25), in extent 49,5389 ha (57 morgen 502 square Roods) to the north-eastern beacon of the said Remaining Extent of Portion 45; thence south-eastwards along the south-western boundary of the farm Elandsfontein 440-JQ to the north-eastern beacon of Portion 345 (Diagram S.G. A.5434/70) of the farm Krokodildrift 446-JQ; thence generally south-westwards, south-eastwards and north-eastwards along the boundaries of the said Portion 345, so as to exclude it from this area to the south-eastern beacon thereof; thence south-eastwards along the south-western boundary of the farm Elandsfontein 440-JQ to the north-eastern beacon of Portion 77 (Diagram S.G. A.2104/28) of the farm Krokodildrift 446-JQ; thence south-westwards along the north-western boundaries of the said Portion 77 and Portion 291 (Diagram S.G. A.2422/46)

Administrateurskennisgewing 838

30 Junie 1971.

MUNISIPALITEIT BRITS: VOORGESTELDE VERANDERING VAN GRENSE.

Ingevolge artikel 10 van die Ordonnansië op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Brits 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdhede aan hom verleen by artikel 9(7) van genoemde Ordonnansië uitoefen en die grense van die Munisipaliteit Brits verander deur die opneming daarin van die gebiede wat in die Bylae hiervan omskryf word.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Provinciale Koerant* aan die Administrateur 'n teenpetisie voor te lê, met vermelding van die gronde van beswaar teen genoemde voorstel.

P.B. 3-2-3-10/Vol. 1.

BYLAE.

MUNISIPALITEIT BRITS: BESKRYWING VAN GEBIEDE INGELYF TE WORD.

A. Begin by die mees westelike baken van Gedeelte 87 (Kaart L.G. A.2020/29) van die plaas Krokodildrift 446-JQ; daarvandaan noordooswaarts langs die noord-westelike grense van die volgende gedeeltes van die genoemde plaas Krokodildrift 446-JQ: die genoemde Gedeelte 87, Gedeelte 52 (Kaart L.G. A.447/27), Gedeelte 53 (Kaart L.G. A.448/27) en die Restant van Gedeelte 45 (Kaart L.G. 3805/25), groot 49,5389 ha (57 morg 502 vk. roede) tot by die noordoostelike baken van genoemde Restant van Gedeelte 45; daarvandaan suidooswaarts langs die suidwestelike grens van die plaas Elandsfontein 440-JQ tot by die noordoostelike baken van Gedeelte 345 (Kaart L.G. A.5434/70) van die plaas Krokodildrift 446-JQ; daarvandaan algemeen suidwestwaarts, suidooswaarts en noordooswaarts langs die grense van die genoemde Gedeelte 345, sodat dit uit hierdie gebied uitgesluit word, tot by die suidoostelike baken daarvan; daarvandaan suidooswaarts langs die suidwestelike grens van die plaas Elandsfontein 440-JQ tot by die noordoostelike baken van Gedeelte 77 (Kaart L.G. A.2104/28) van die plaas Krokodildrift 446-JQ; daarvandaan suidweswaarts langs die noordwestelike grense van die genoemde Gedeelte 77 en Gedeelte 291 (Kaart L.G. A.2422/46) van die plaas Krokodildrift 446-JQ. tot by die mees noordoostelike baken van die Dorp

of the farm Krokodildrift 446-JQ to the north-eastern most beacon of Brits Extension 13 Township (General Plan S.G. A.2864/70); thence generally north-westwards along the boundaries of the following portions so as to exclude them from this area; the said Brits Extension 13 and Portion 86 (Diagram S.G. A.2019/29) of the farm Krokodildrift 446-JQ to the north-western beacon of Portion 87 (Diagram S.G. A.2020/29) of the said farm, Krokodildrift 446-JQ, the place of beginning.

B. Portion 442 (a Portion of Portion 18) of the farm Roodekopjes or Zwartkopjes 427-JQ, in extent 16,9561 ha (19,7962 morgen) vide Diagram S.G. A.5560/39.

30—7—14

Administrator's Notice 839

30 June, 1971

CORRECTION NOTICE.

NELSPRUIT MUNICIPALITY: STANDARD BY-LAWS REGULATING THE SAFEGUARDING OF SWIMMING POOLS AND EXCAVATIONS.

Administrator's Notice 670, dated 2 June 1971, is hereby corrected by the substitution in the preamble for the word "Regulaing" of the word "Regulating".

PB. 2-4-2-182-22.

Administrator's Notice 840

30 June, 1971

CORRECTION NOTICE.

ERMELO MUNICIPALITY: ELECTRICITY SUPPLY BY-LAWS.

Administrator's Notice 597, dated 19 May 1971, is hereby corrected by the substitution in Tariff 12(2) for the word "contractor" of the word "contactor".

PB. 2-4-2-36-14.

Administrator's Notice 841

30 June, 1971

DECLARATION OF APPROVED TOWNSHIP IN TERMS OF SECTION 69 OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965.

In terms of section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Glenvista Township, situated on Portion 11 of the farm Liefde en Vrede No. 104-IR, district Johannesburg, an approved township and in the Schedule to this notice the conditions upon which the application for the establishment of the said township has been granted, are set forth.

PB. 4-2-2-2817.

SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY GLEN ANIL DEVELOPMENT CORPORATION LIMITED UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 11 OF THE FARM LIEFDE EN VREDE NO. 104-IR, DISTRICT OF JOHANNESBURG, WAS GRANTED.

Brits Uitbreiding 13 (Algemene Plan L.G. A.2864/70); daarvandaan algemeen noordweswaarts langs die grense van die volgende gedeeltes sodat hulle uit hierdie gebied uitgesluit word: die genoemde Brits Uitbreiding 13 en Gedeelte 86 (Kaart L.G. A.2019/29) van die plaas Krokodildrift 446-JQ tot by die noordwestelike baken van Gedeelte 87 (Kaart L.G. A.2020/29) van die genoemde plaas Krokodildrift 446-JQ, die beginpunt.

B. Gedeelte 442 (n Gedeelte van Gedeelte 18) van die plaas Roodekopjes of Zwartkopjes 427-JQ, groot 16,9561 ha (19,7962 morg) volgens Kaart L.G. A.5560/39.

30—7—14.

Administrateurskennisgewing 839

30 Junie 1971

KENNISGEWING VAN VERBETERING.

MUNISIPALITEIT NELSPRUIT: STANDAARDVERORDENINGE WAARBY DIE BEVEILIGING VAN SWEMBADDENS EN UITGRAWINGS GEREGULEER WORD.

Administrateurskennisgewing 670 van 2 Junie 1971 word hierby verbeter deur in die aanhef van die Engelse teks die woord „Regulaing” deur die woord „Regulating” te vervang.

PB. 2-4-2-182-22.

Administrateurskennisgewing 840

30 Junie 1971

KENNISGEWING VAN VERBETERING.

MUNISIPALITEIT ERMELO: ELEKTRISITEIT-VOORSIENINGSVERORDENINGE.

Administrateurskennisgewing 597 van 19 Mei 1971, word hierby verbeter deur in Skaal 12(2) van die Engelse teks die woord „contractor” deur die woord „contactor” te vervang.

PB. 2-4-2-36-14.

Administrateurskennisgewing 841

30 Junie 1971

VERKLARING VAN GOEDGEKEURDE DORP INGEVOLGE ARTIKEL 69 VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965.

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965) verklaar die Administrateur hierby die dorp Glenvista, geleë op Gedeelte 11 van die plaas Liefde en Vrede No. 104-IR, distrik Johannesburg, tot 'n goedgekeurde dorp en in die Bylac by hierdie kennisgewing is die voorwaardes uiteengesit waarop die aansoek om die stigting van bedoelde dorp toegestaan is.

PB. 4-2-2-2817.

BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GE-DOEN DEUR GLEN ANIL DEVELOPMENT CORPORATION LIMITED INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 11 VAN DIE PLAAS LIEFDE EN VREDE NO. 104-IR, DISTRIK JOHANNESBURG, TOEGESTAAN IS.

A. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. *Name.*

The name of the township shall be Glenvista.

2. *Design of Township.*

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A.235/68.

3. *Endowment.*

Payable to the Transvaal Education Department:

The township owner shall, in terms of the provisions of sections 62 and 63(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, pay a lump sum endowment to the Transvaal Education Department on the land value of erven in the township.

The area of the land shall be calculated by multiplying 48.08 square metres by the number of erven in the township.

The value of the land shall be determined in terms of the provisions of section 74(3) and such endowment is payable in terms of the provisions of section 73 of the said Ordinance.

4. *Stormwater Drainage and Street Construction.*

- (a) The applicant shall carry out the approved scheme relating to stormwater drainage and street construction at its own expense on behalf and to the satisfaction of the local authority under the supervision of a civil engineer approved by the local authority.
- (b) The applicant shall at its own expense remove all obstacles from the street reserves to the satisfaction of the local authority.
- (c) The streets shall be named to the satisfaction of the Administrator.

5. *Erf for Municipal Purposes.*

Erf No. 79 as shown on the General Plan shall be transferred to the local authority by and at the expense of the applicant for the purpose of a park.

6. *Disposal of Existing Conditions of Title.*

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding:

- (a) the following conditions which do not affect the township area:—
 - (i) "Die voormalige Gedeelte 4 van die plaas Turffontein No. 100, geleë in die Registrasie-Afdeling IR., (waarvan die eiendom hiermee getranspoteer, aangedui deur die figuur B.C.D.E.F.b.B en c.d.H.c. op Kaart L.G. No. 6374/64 geheg aan Akte van Verdelingstransport No. 26965/1965 gedateer 22 Julie 1965 'n gedeelte uitmaak,) "is gerechtigd op een zodanige Servituut op die afgeschetste fontein gelegen op het reesteerd gedeelte van de plaats Turffontein No. 19, Johannesburg, groot als zulks 1212 morgen 480.656 vierkante roeden, zoals gehouden krachtens Akte van Transport No. 1471/1893, dat het aflopende water niet zal worden weggepompt, blijkens Notariële Akte No. 351/1894" soos gewysig deur Notariële Akte van Kansellasië van Servituut No. 1291/1962-S gedateer 21 November 1962

A. STIGTINGSVOORWAARDES.

1. *Naam.*

Die naam van die dorp is Glenvista.

2. *Ontwerpplan van die Dorp.*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. A.235/68.

3. *Begiftiging.*

Betaalbaar aan die Transvaalse Onderwysdepartement.

Die dorpselenaar moet kragtens die bepalings van artikels 62 en 63(1)(a) van die Ordonnansië op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, 'n globale bedrag begiftiging aan die Transvaalse Onderwysdepartement betaal op die grondwaarde van spesiale woonerwe in die dorp.

Die grootte van hierdie grond word bereken deur 48.08 vierkante meter te vermenigvuldig met die getal spesiale woonerwe in die dorp.

Die waarde van die grond moet bepaal word kragtens die bepalings van artikel 74(3) en sodanige begiftiging is betaalbaar kragtens die bepalings van artikel 73 van genoemde Ordonnansië.

4. *Stormwaterdreineriëring en Straatbou.*

- (a) Die applikant moet op eie koste, namens, en tot voldoening van die plaaslike bestuur, onder toesig van 'n siviele ingenieur deur die plaaslike bestuur goedgekeur, uitvoering gee aan die goedgekeurde skema met betrekking tot stormwaterdreineriëring en straatbou.
- (b) Die applikant moet op eie koste en tot voldoening van die plaaslike bestuur alle hindernisse van die straatreserwes verwyder.
- (c) Die strate moet tot voldoening van die Administrateur benoem word.

5. *Erf vir Munisipale Doeleindes.*

Erf No. 79, soos aangedui op die Algemene Plan, moet op koste van die applikant aan die plaaslike bestuur oorgedra word vir parkdoeleindes.

6. *Beskikking oor bestaande Titelvoorwaardes.*

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en servitude, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van minerale regte, maar uitgesonderd:

- (a) die volgende voorwaardes wat nie die dorpsgebied raak nie:—
 - (i) „Die voormalige Gedeelte 4 van die plaas Turffontein No. 100, geleë in die Registrasie-Afdeling IR., (waarvan die eiendom hiermee getranspoteer, aangedui deur die figuur B.C.D.E.F.b.B en c.d.H.c. op Kaart L.G. No. 6374/64 geheg aan Akte van Verdelingstransport No. 26965/1965 gedateer 22 Julie 1965 'n gedeelte uitmaak,) „is gerechtigd op een zodanige Servituut op die afgeschetste fontein gelegen op het reesteerd gedeelte van de plaats Turffontein No. 19, Johannesburg, groot als zulks 1212 morgen 480.656 vierkante roeden, zoals gehouden krachtens Akte van Transport No. 1471/1893, dat het aflopende water niet zal worden weggepompt, blijkens Notariële Akte No. 351/1894" soos gewysig deur Notariële Akte van Kansellasië van Servituut No. 1291/1962-S gedateer 21 November 1962

ingevolge waarvan bogenoemde regte gekanselleer word ten opsigte van die plaas Birkenruth No. 95, Registrasie-afdeling IR., distrik Johannesburg, groot 39.7074 morges, gehou kragtens Akte van Transport No. 6384/1961 gedateer 21 Maart 1961.

- (ii) Die voormalige Resterende Gedeelte van die plaas Liefde en Vrede No. 104, geleë in die Registrasie-afdeling IR., distrik Johannesburg, groot 1217 morges 460 vierkante roede (waarvan die eiendom hiermee getranspoteer 'n gedeelte uitmaak), is onderhewig aan die volgende voorwaardes:—

(A) "Onderhewig aan het servituut ten faveure van die eigenaren van zeker gedeelte genaamd Rietvlei van gezegde plaats Liefde en Vrede groot 969 Morgen, 140 vierkante roede, zoals getranspoteerd kragtens Akte van Transport No. 6175/1941 van het recht tot de dam in de spruit lopende over het voormelde resterende gedeelte en wel alwaar het oude pad de voormelde spruit doorgaat naar het woonhuis vroeger bewoond door wijlen de weduwe A. du Precz, met het recht to verhogen en versterken van gezegde dam door een concrete wal van vier voeten hoog, alsmede met het recht het water uit gezegde dam te leiden in een watervoor naar gezegd gedeelte Rietvlei van Liefde en Vrede ter benutting van hun landerijen, zullende echter de eigenaar van het gezegde resterende gedeelte het recht hebben zijn vee te laten zuipen in voormelde watervoor sover die over dit eigendom loopt, maar zal hij niet verantwoordelijk zijn voor enige schade door bedoeld vee veroorzaakt aan gezegde watervoor."

(B) Die eiendom hiermee getranspoteer is geregtig op $\frac{1}{4}$ (een-kwart) van die water in die spruit, geleë op die Resterende Gedeelte van die gemelde plaas Liefde en Vrede No. 104, geleë in die Registrasie-Afdeling IR., distrik Johannesburg, groot as sulks 1217 morges, 460 vierkante roede, waarop die voormalige restant groot 1217 morges, 460 vierkante roede geregtig was."

- (iii) "Onderhewig aan Notariële Akte No. 1060/1953-S geregistreer op 8 Desember 1953 waarby die Stadsraad van Johannesburg die reg verleen word om elektrisiteit oor die voormelde restant te voer tesame met bykomende regte en onderhewig aan die kondisies soos meer ten volle sal blyk uit die gesegde Notariële Akte.

- (iv) Onderhewig aan die ewigdurende reg om water oor of deur die eiendom te vervoer ten gunste van die Rand Waterraad tesame met bykomende regte soos meer ten volle sal blyk uit Notariële Akte No. 428.A/1958-S gedateer 5 Desember 1957"

- (b) the following servitudes which affect only Erf No. 79 and streets in the township:—

- (i) Onderhewig aan 'n ewigdurende serwituut van waterleiding ten gunste van die Rand Water Board aangetoon deur die figuur O.P.Q.R.N.A. S.T.U.O. op kaart L.G. No. 6374/64 geheg aan Akte van Verdellingstransport No. 26965/1965 gedateer 22 Julie 1966 en soos meer ten volle sal blyk uit Notariële Akte No. 530/1943-S, geregistreer op 16 September 1943.

ingevolge waarvan bogenoemde regte gekanselleer word ten opsigte van die plaas Birkenruth No. 95, Registrasie-afdeling IR., distrik Johannesburg, groot 39.7074 morges, gehou kragtens Akte van Transport No. 6384/1961 gedateer 21 Maart 1961.

- (ii) Die voormalige Resterende Gedeelte van die plaas Liefde en Vrede No. 104, geleë in die Registrasie-afdeling IR., distrik Johannesburg, groot 1217 morges 460 vierkante roede (waarvan die eiendom hiermee getranspoteer 'n gedeelte uitmaak), is onderhewig aan die volgende voorwaardes:—

(A) "Onderhewig aan het servituut ten faveure van die eigenaren van zeker gedeelte genaamd Rietvlei van gezegde plaats Liefde en Vrede groot 969 Morgen, 140 vierkante roede, zoals getranspoteerd kragtens Akte van Transport No. 6175/1941 van het recht tot de dam in de spruit lopende over het voormelde resterende gedeelte en wel alwaar het oude pad de voormelde spruit doorgaat naar het woonhuis vroeger bewoond door wijlen de weduwe A. du Preez, met het recht to verhogen en versterken van gezegde dam door een concrete wal van vier voeten hoog, alsmede met het recht het water uit gezegde dam te leiden in een watervoor naar gezegd gedeelte Rietvlei van Liefde en Vrede ter benutting van hun landerijen, zullende echter de eigenaar van het gezegde resterende gedeelte het recht hebben zijn vee te laten zuipen in voormelde watervoor sover die over dit eigendom loopt, maar zal hij niet verantwoordelijk zijn voor enige schade door bedoeld vee veroorzaakt aan gezegde watervoor."

(B) Die eiendom hiermee getranspoteer is geregtig op $\frac{1}{4}$ (een-kwart) van die water in die spruit, geleë op die Resterende Gedeelte van die gemelde plaas Liefde en Vrede No. 104, geleë in die Registrasie-Afdeling IR., distrik Johannesburg, groot as sulks 1217 morges, 460 vierkante roede, waarop die voormalige restant groot 1217 morges, 460 vierkante roede geregtig was."

- (iii) "Onderhewig aan Notariële Akte No. 1060/1953-S geregistreer op 8 Desember 1953 waarby die Stadsraad van Johannesburg die reg verleen word om elektrisiteit oor die voormelde restant te voer tesame met bykomende regte en onderhewig aan die kondisies soos meer ten volle sal blyk uit die gesegde Notariële Akte.

- (iv) Onderhewig aan die ewigdurende reg om water oor of deur die eiendom te vervoer ten gunste van die Rand Waterraad tesame met bykomende regte soos meer ten volle sal blyk uit Notariële Akte No. 428.A/1958-S gedateer 5 Desember 1957"

- (b) die volgende serwitute wat slegs Erf No. 79 en strate in die dorp raak:—

Per kilolitre or part thereof: 11c.
- (2) *Nestlé S.A. (Pty.) Ltd.*
 - (a) Per kilolitre or part thereof: 11c.
 - (b) Per kilolitre unfiltered water or part thereof: 2,5c.

- (b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voorgenoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van twee meter daarvan geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleiding en ander werke wat hy volgens goeëdunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleiding en ander werke veroorsaak word.

2. *Erwe onderworpe aan Spesiale Voorwaarde.*

- (a) *Erwe Nos. 229, 230, 232 tot 238, 240, 263, 265, 267, 268, 283, 284 en 324.*

Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir munisipale doeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur soos aangewys op die algemene plan.

- (b) *Erwe Nos. 227 en 231.*

Die erf is onderworpe aan serwitute vir munisipale doeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur soos aangewys op die algemene plan.

- (c) *Erwe Nos. 264, 327, 334 en 336.*

Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir transformatordeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur soos aangewys op die algemene plan.

3. *Staats- en Munisipale Erwe.*

As enige erf waarvan melding in klousule A5 gemaak word of enige erf verkry soos beoog in klousule B1(ii) en (iii) hiervan, geregistreer word in die naam van enige ander persoon as die Staat of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Administrateur bepaal.

Administrateurskennisgewing 858

30 Junie 1971

MUNISIPALITEIT BETHAL: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Bethal, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1044 van 19 November 1952, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 2 van die Tarief van Gelde onder Aanhangel II van Bylae 1 by Hoofstuk 3 deur die volgende te vervang:—

„2. *Verbruikersheffings, per maand.*

- (1) *S.A. Spoorweë en Hawens (uitgesonderd huishoudelike verbruikers op Spoorwegpersoneel).*
Per kiloliter of gedeelte daarvan: 11c.
- (2) *Nestlé S.A. (Edms.) Bpk.*
 - (a) Per kiloliter of gedeelte daarvan: 11c.
 - (b) Per kiloliter ongefiltreerde water of gedeelte daarvan: 2,5c.

- (3) *Other Consumers.*
 (a) For the first 5 kilolitres or part thereof: Free of charge.
 (b) Thereafter, per kilolitre or part thereof: 14,5c.
- (4) For the purposes of the charges payable in terms of subitems (1) to (3) inclusive, in cases where water consumption is metered in gallons, 220 gallons shall be deemed to be equal to 1 kilolitre."

P.B. 2-4-2-104-7

Administrator's Notice 859

30 June, 1971

SPRINGS MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS RELATING TO FIRES AND FIRE DEPARTMENT.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws Relating to Fires and Fire Department of the Springs Municipality, published under Administrator's Notice 38, dated 27 January 1922, as amended, are hereby further amended as follows:—

1. By the substitution for subsection (a) of section 6 of the following:—
 "(a) The charges for services rendered by the fire department shall be payable to the Council in terms of the Tariff of Charges in these by-laws".
2. By the deletion of section 13.
3. By the substitution for the Fire Brigade Tariff of the following:—

"TARIFF OF CHARGES.

1. *Within the municipality.*

- (1) (a) For calling out a machine: R10, plus—
 (i) For the first hour or part thereof that a machine is in use, per machine: R10;
 (ii) For each subsequent hour or part thereof: R10.
 (b) Where a service car is used, per hour or part thereof: R2.
 (c) Portable pump, per hour or part thereof: R2.
 (d) Chimney fire:—
 (i) First occurrence: R25.
 (ii) Second or subsequent occurrence within a period of 12 calendar months: R100.
- (2) *For the Services of the Chief Fire Officer:*
 Per hour or part thereof: R2,50.
- (3) *For the Services of the Second Officer:*
 Per hour or part thereof: R2.
- (4) *For the Services of the Station Officer:*
 Per hour or part thereof: R1,50.
- (5) *For the Services of a Fireman:*
 Per hour or part thereof: R1.
- (6) *Attendance of a Fireman at Theatres or other Public Functions:*
 Per evening: R2.
- (7) In addition to the above charges the following shall also be payable:—
 (a) Such expenses for water as may be incurred (at the cost to the Council).
 (b) The cost of actual damage to the Council's property and to the property of its officers or servants.

- (3) *Ander Verbruikers.*
 (a) Vir die eerste 5 kiloliter of gedeelte daarvan: Gratis.
 (b) Daarna, per kiloliter of gedeelte daarvan: 14,5c.
- (4) Vir die toepassing van die gelde betaalbaar ingevolge subitems (1) tot en met (3) word geag dat in die geval waar waterverbruik in gellings gemeet is, 220 gellings gelyk is aan 1 kiloliter."

P.B. 2-4-2-104-7

Administrateurskennisgewing 859

30 Junie 1971

MUNISIPALITEIT SPRINGS: WYSIGING VAN VERORDENINGE WAT BETREKKING HET OP BRANDE EN DIE BRANDWEER.

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Bywette wat Betrekking het op Brande en die Brandweer van die Munisipaliteit Springs, afgekondig by Administrateurskennisgewing 38 van 27 Januarie 1922, soos gewysig, word hierby verder as volg gewysig:—

1. Deur subartikel (a) van artikel 6 deur die volgende te vervang:—
 „(a) Gelde vir dienste deur die brandweer gelewer is aan die Raad betaalbaar ingevolge die Tarief van Gelde by hierdie verordeninge.”
2. Deur artikel 13 te skrap.
3. Deur die Brandweer Tarief deur die volgende te vervang:—

„TARIEF VAN GELDE.

1. *Binne die munisipaliteit.*

- (1) (a) Vir die uitroep van 'n masjien: R10, plus —
 (i) Vir die eerste uur of gedeelte daarvan wat 'n masjien gebruik word, per masjien: R10;
 (ii) Vir iedere daaropvolgende uur of gedeelte daarvan: R10.
 (b) Indien 'n diensvoertuig gebruik word, per uur of gedeelte daarvan: R2.
 (c) Draagbare pomp, per uur of gedeelte daarvan: R2.
 (d) Skoorsteenbrand:
 (i) Eerste voorval: R25.
 (ii) Tweede of daaropvolgende voorval binne 'n tydperk van 12 kalendermaande: R100.
- (2) *Vir die dienste van die Brandweehoof:*
 Per uur of gedeelte daarvan: R2,50.
- (3) *Vir die dienste van die Tweede Offisier:*
 Per uur of gedeelte daarvan: R2.
- (4) *Vir die dienste van die Stasie-offisier:*
 Per uur of gedeelte daarvan: R1,50.
- (5) *Vir die dienste van 'n Brandweerman:*
 Per uur of gedeelte daarvan: R1.
- (6) *Teenwoordigheid van 'n Brandweerman by teaters of ander openbare funksies:*
 Per aand: R2.
- (7) Benewens bovermelde gelde is die volgende betaalbaar:—
 (a) Sodanige uitgawes vir water as wat aangegaan word (teen kosprys aan die Raad).
 (b) Die koste van die werklike skade aan die Raad se eiendom en aan die eiendom van sy offisiere of dienare.

- (c) Such other actual expenditure as may necessarily be incurred by the Council, including the cost of petrol and oil used by the machine.

2. *Outside the municipality.*

- (1) (a) For calling out a machine: R20, plus —
 (i) For the first hour or part thereof that a machine is in use, per machine: R20;
 (ii) For each subsequent hour or part thereof: R10.
- (2) *For the Services of the Chief Fire Officer:*
 (a) For the first hour or part thereof: R5.
 (b) For each subsequent hour or part thereof: R2,50.
- (3) *For the Services of the Second Officer:*
 (a) For the first hour or part thereof: R4.
 (b) For each subsequent hour or part thereof: R2.
- (4) *For the Services of the Station Officer:*
 (a) For the first hour or part thereof: R3.
 (b) For each subsequent hour or part thereof: R1,50.
- (5) *For the Services of a Fireman:*
 (a) For the first hour or part thereof: R2.
 (b) For each subsequent hour or part thereof: R1.
- (6) In addition to the above charges the following shall also be payable:—
 (a) Such expenses for water as may be incurred (at the cost to the Council).
 (b) The cost of actual damage to the Council's property and to the property of its officers or servants.
 (c) Such other actual expenditure as may necessarily be incurred by the Council, including the cost of petrol and oil used by the machine.

3. For the purpose of determining the amount payable in terms of items 1 and 2 the period of use of a machine and the period during which an officer or fireman renders his services shall be calculated from the time of departure from the Council's Fire Station to the time of return thereto.

4. *Testing and Repairs.*

- (1) Testing fire hose, per 6 metres: 50c.
 (2) Repair of fire hose, per patch: 30c.
 (3) Couplings, per coupling: 50c.
 (4) Testing fire extinguishers, per extinguisher: 50c.
 (5) Charging fire extinguishers, per extinguisher: 25c.”
 P.B. 2/4/2/41/32

Administrator's Notice 860

30 June, 1971

BETHAL MUNICIPALITY: SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Sanitary and Refuse Removals Tariff of the Bethal Municipality, as contemplated by section 19 to 35 inclusive

- (c) Sodanige ander werklike uitgawes as wat die Raad noodwendig moet aangaan, insluitende die koste van petrol en olie wat deur die masjiene gebruik word.

2. *Buite die munisipaliteit.*

- (1) (a) Vir die uitroep van 'n masjien: R20, plus —
 (i) Vir die eerste uur of gedeelte daarvan wat 'n masjien gebruik word, per masjien: R20;
 (ii) Vir iedere daaropvolgende uur of gedeelte daarvan: R10.
- (2) *Vir die dienste van die Brandweerhoof:*
 (a) Vir die eerste uur of gedeelte daarvan: R5.
 (b) Vir iedere daaropvolgende uur of gedeelte daarvan: R2,50.
- (3) *Vir die dienste van die Tweede Offisier:*
 (a) Vir die eerste uur of gedeelte daarvan: R4.
 (b) Vir iedere daaropvolgende uur of gedeelte daarvan: R2.
- (4) *Vir die dienste van die Stasie-offisier:*
 (a) Vir die eerste uur of gedeelte daarvan: R3.
 (b) Vir iedere daaropvolgende uur of gedeelte daarvan: R1,50.
- (5) *Vir die dienste van 'n Brandweerman:*
 (a) Vir die eerste uur of gedeelte daarvan: R2.
 (b) Vir iedere daaropvolgende uur of gedeelte daarvan: R1.
- (6) Benewens bovermelde gelde is die volgende betaalbaar:—
 (a) Sodanige uitgawes vir water as wat aangegaan word (teen kosprys aan die Raad).
 (b) Die koste van die werklike skade aan die Raad se eiendom en aan die eiendom van sy offisiere of dienare.
 (c) Sodanige ander werklike uitgawes as wat die Raad noodwendig moet aangaan, insluitende die koste van petrol en olie wat deur die masjiene gebruik word.

3. Vir die doel om die betaalbare bedrag ingevolge items 1 en 2 vas te stel, word die tydperk wat die masjien gebruik word en die tydperk wat 'n offisier of brandweerman sy dienste lewer, bereken van die tydstip waarop die brandweermasjien die Raad se Brandweerstasie verlaat tot die tydstip wat dit weer by die Brandweerstasie aankom.

4. *Toets- en Herstelwerk.*

- (1) Toets van brandslange, per 6 meter: 50c.
 (2) Herstel van brandslange, per lap: 30c.
 (3) Aanheg van koppels, per koppel: 50c.
 (4) Toets van brandblussers, per blusser: 50c.
 (5) Vul van brandblussers, per blusser: 25c.”
 P.B. 2/4/2/41/32

Administrateurskennisgewing 860

30 Junie 1971

MUNISIPALITEIT BETHAL: SANITÊRE EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitêre en Vullisverwyderingstarief van die Munisipaliteit Bethal, soos beoog by artikels 19 tot en met 35

of the Public Health By-laws of the said Council, published under Administrator's Notice 11, dated 12 January 1949, shall be as follows:—

SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.

1. Refuse Removal Service.

- (1) *Domestic services, including flats, hospital, schools, school hostels and churches.*
Removal three times per week, per refuse receptacle, per month: R1.
- (2) *Business services, including Government and other offices.*
Removal five times per week, per refuse receptacle, per month: R1,50.
- (3) *Special removals.*
Per cubic metre or part thereof: 33c.

2. Night-soil Removal Service.

Removal of night-soil or urine, twice weekly, from premises occupied or owned by Whites:—

- (1) For the first pail, per month: R1,50.
- (2) For every additional pail, per month: R1.

3. Vacuum Tank Removal Service.

Removal of night-soil and slopwater by means of a vacuum tank where premises are connected to a conservancy tank system:—

- (1) Per dwelling-house, per month: R4,50.
- (2) Hotel, O.T.K. Grain Depot, Vereeniging Consolidated Mills and the South African Railways, per month:—
 - (a) For the removal of up to and including 82 kilolitres: A minimum charge of R18.
 - (b) Thereafter, per kilolitre or part thereof: 40c.
- (3) Offices and businesses not mentioned in subitem (2), per conservancy tank, per month: R4,50.

4. Removal and Disposal of Dead Animals.

- (1) Sheep, goats, pigs, dogs, cats and poultry, per carcass: 25c.
- (2) Any other animal not mentioned in subitem (1), per carcass: R1.

The Sanitary and Refuse Removals Tariff of the Bethal Municipality, published under Administrator's Notice 344, dated 23 May 1962, as amended, is hereby revoked.

P.B. 2-4-2-81-7

Administrator's Notice 861

30 June, 1971

GERMISTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity Supply By-laws of the Germiston Municipality, published under Administrator's Notice 25, dated 9 January 1952, as amended, are hereby further amended, by the substitution in item 8 of Section A of the Electricity Tariff under Schedule 2 for the expression "4% (four per cent)" of the expression "6% (six per cent)".

P.B. 2-4-2-36-1

van die Publieke Gesondheidsverordeninge van genoemde Munisipaliteit, afgekondig by Administrateurskennisgewing 11 van 12 Januarie 1949, is soos volg:—

SANITÊRE EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF.

1. Vullisverwyderingsdiens.

- (1) *Huishoudelike dienste, insluitende woonstelle, hospitaal, skole, skoolkoshuise en kerke.*
Verwydering drie keer per week, per vullisblik, per maand: R1.
- (2) *Besigheidsdienste, insluitende Staats- en ander kantore.*
Verwydering vyf keer per week, per vullisblik, per maand: R1,50.
- (3) *Spesiale verwyderings.*
Per kubieke meter of gedeelte daarvan: 33c.

2. Nagvuilverwyderingsdiens.

Verwydering van nagvuil of urine, twee keer per week, vanaf persele bewoon deur of in die besit van Blankes:—

- (1) Vir die eerste emmer, per maand: R1,50.
- (2) Vir elke addisionele emmer, per maand: R1.

3. Suigtenkverwyderingsdiens.

Verwydering van nagvuil en vuilwater deur middel van 'n suigtenk waar persele met 'n opgaartenkstelsel verbind is:—

- (1) Per woonhuis, per maand: R4,50.
- (2) Hotel, O.T.K. Graandêpot, Vereeniging Consolidated Mills, en die Suid-Afrikaanse Spoorweë, per maand:—
 - (a) Vir die verwydering van tot en met 82 kiloliter: 'n Minimum heffing van R18.
 - (b) Daarna, per kiloliter of gedeelte daarvan: 40c.
- (3) Kantore en besighede wat nie in subitem (2) vermeld word nie, per opgaartenk, per maand: R4,50.

4. Verwydering van en Beskikking oor Dooie Diere.

- (1) Skape, bokke, varke, honde, katte en pluimvee, per karkas: 25c.
 - (2) Enige ander dier nie in subitem (1) vermeld nie: R1.
- Die Sanitêre en Vullisverwyderingstarief van die Munisipaliteit Bethal, afgekondig by Administrateurskennisgewing 344 van 23 Mei 1962, soos gewysig, word hierby herroep.

P.B. 2-4-2-81-7

Administrateurskennisgewing 861

30 Junie 1971

MUNISIPALITEIT GERMISTON: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Eelektrisiteitvoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Germiston, afgekondig by Administrateurskennisgewing 25 van 9 Januarie 1952, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in item 8 van Gedeelte A van die Elektrisiteitstarief onder Bylae 2 die uitdrukking „4% (vier persent)” deur die uitdrukking „6% (ses persent)” te vervang.

P.B. 2-4-2-36-1

Administrator's Notice 862 30 June, 1971

ORKNEY MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity Regulations of the Orkney Municipality, published under Administrator's Notice 160, dated 27 February 1957, as amended, are hereby further amended by the insertion in item 2(1) of Schedule 2 after the expression "hostels", of the expression "garages".

P.B. 2-4-2-36-99

Administrator's Notice 863 30 June, 1971

VANDERBIJLPARK MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS RELATING TO INFLAMMABLE LIQUIDS AND SUBSTANCES.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws Relating to Inflammable Liquids and Substances of the Vanderbijlpark Municipality, published under Administrator's Notice 454, dated 6 June 1956, as amended, are hereby further amended by the substitution for Schedule II of the following:—

"SCHEDULE II

TARIFF OF FEES PAYABLE FOR CERTIFICATES OF REGISTRATION AND TRANSFERS IN TERMS OF SECTIONS 3, 4, 10 AND 11(2).

<i>Description of premises.</i>	<i>Yearly</i>
	<i>R</i>
1. Bulk depot	40
2. Dry cleaning room	20
3. Spraying room	4
4. Certificates of registration issued in respect of premises other than those classified in items 1, 2 or 3:—	
(a) Storage capacity up to and including 2,5 kilolitres	4
(b) Storage capacity exceeding 2,5 kilolitres up to and including 5 kilolitres	6
(c) Storage capacity exceeding 5 kilolitres up to and including 25 kilolitres	8
(d) Storage capacity exceeding 25 kilolitres ...	20
5. Transfer of a certificate of registration: 50c.	

For every certificate of registration the annual fee shall be as prescribed in this Schedule: Provided that if liability to pay the fees arises on or after the first day of July in any year, the fees payable shall be half the annual amount."

P.B. 2-4-2-49-34

Administrator's Notice 864 30 June, 1971

TZANEEN MUNICIPALITY: AMENDMENT TO FIRE BRIGADE BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the

Administrateurskennisgewing 862 30 Junie 1971

MUNISIPALITEIT ORKNEY: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITVOORSIENINGSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsregulasies van die Munisipaliteit Orkney, afgekondig by Administrateurskennisgewing 160 van 27 Februarie 1957, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in item 2(1) van Bylae 2 na die uitdrukking „koshuise”, die uitdrukking „motorhawens.” in te voeg.

P.B. 2-4-2-36-99

Administrateurskennisgewing 863 30 Junie 1971

MUNISIPALITEIT VANDERBIJLPARK: WYSIGING VAN VERORDENINGE VIR DIE BEHEER OOR ONTVLAMBARE VLOEISTOWWE EN STOWWE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge vir die Beheer oor Ontvlambare Vloeistowwe en Stowwe van die Munisipaliteit Vanderbijlpark, afgekondig by Administrateurskennisgewing 454 van 6 Junie 1956, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Bylae II deur die volgende te vervang.

„BYLAE II

TARIEWE WAT KRAGTENS ARTIKELS 3, 4, 10 EN 11(2) TEN OPSIGTE VAN REGISTRASIESERTIFIKATE EN OORDRAGTE BETAALBAAR IS.

<i>Beskrywing van persele</i>	<i>Jaarliks.</i>
	<i>R</i>
1. Grootmaakdepot	40
2. Droogskoonmaaklokaal	20
3. Sputlokaal	4
4. Registrasiesertifikate uitgereik ten opsigte van persele wat nie onder items 1, 2 en 3 ingedeel word nie:—	
(a) Tot en met 'n bergingsmaat van 2,5 kiloliter	4
(b) Bergingsmaat van meer as 2,5 kiloliter tot en met 5 kiloliter	6
(c) Bergingsmaat van meer as 5 kiloliter tot en met 25 kiloliter	8
(d) Bergingsmaat van meer as 25 kiloliter	20
5. Oordrag van registrasiesertifikaat: 50c.	

Die jaarlikse gelde vir elke registrasiesertifikaat is soos in hierdie Bylae bepaal: Met dien verstande dat indien die gelde op of na die eerste dag in Julie van enige jaar verskuldig is, slegs die helfte van die jaarlikse gelde betaalbaar is."

P.B. 2-4-2-49-34

Administrateurskennisgewing 864 30 Junie 1971

MUNISIPALITEIT TZANEEN: WYSIGING VAN BRANDWEERVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die

by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Fire Brigade By-laws of the Tzaneen Municipality, published under Administrator's Notice 107, dated 31 January, 1968, are hereby amended as follows:—

1. By the substitution in section 20(1)(a) for the expression "20c per mile" of the expression "12,5c per kilometre."
2. By the substitution in section 20(1)(b) for the expression "30c per mile" of the expression "19c per kilometre."

PB. 2-4-2-41-71.

Administrator's Notice 865

30 June, 1971

CORRECTION NOTICE.

ROODEPOORT MUNICIPALITY: SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.

Administrator's Notice 684, dated 2 June 1971, is hereby corrected as follows:—

1. By the deletion of paragraph (iii) of item 1(1)(b).
2. By the deletion of paragraph (iii) of item 1(2)(b).

PB. 2-4-2-81-30.

Administrator's Notice 866

30 June, 1971

BENONI MUNICIPALITY: AMENDMENT TO DRAINAGE AND PLUMBING BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Drainage and Plumbing By-laws of the Benoni Municipality, published under Administrator's Notice 509, dated 1 August 1962, as amended, are hereby further amended by the substitution in the third paragraph of Schedule A for the expression "500 square feet", wherever it occurs, of the expression "50 square metres".

PB. 2-4-2-34-6.

Administrator's Notice 867

30 June, 1971

CORRECTION NOTICE.

KEMPTON PARK MUNICIPALITY: ELECTRICITY SUPPLY BY-LAWS.

Administrator's Notice 637, dated 26 May 1971, is hereby corrected as follows:—

1. By the substitution in item 2(1)(j) of the Afrikaans text for the word "en" of the word "as".
2. By the substitution in item 2(2)(c) for the amount "7,25c" of the amount "1,25c".

PB. 2-4-2-36-16.

verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Brandweerverordeninge van die Munisipaliteit Tzaneen, afgekondig by Administrateurskennisgewing 107 van 31 Januarie 1968, word hierby soos volg gewysig:—

1. Deur in artikel 20(1)(a) die uitdrukking „20c per myl” deur die uitdrukking „12,5c per kilometer” te vervang.
2. Deur in artikel 20(1)(b) die uitdrukking „30c per myl” deur die uitdrukking „19c per kilometer” te vervang.

PB. 2-4-2-41-71.

Administrateurskennisgewing 865

30 Junie 1971

KENNISGEWING VAN VERBETERING.

MUNISIPALITEIT ROODEPOORT: SANITÊRE EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF.

Administrateurskennisgewing 684 van 2 Junie 1971 word hierby soos volg verbeter:—

1. Deur paragraaf (iii) van item 1(1)(b) van die Engelse teks te skrap.
2. Deur paragraaf (iii) van item 1(2)(b) van die Engelse teks te skrap.

PB. 2-4-2-81-30.

Administrateurskennisgewing 866

30 Junie 1971

MUNISIPALITEIT BENONI: WYSIGING VAN RIO- LERINGS- EN LOODGIETERSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Riolerings- en Loodgietersverordeninge van die Munisipaliteit Benoni, afgekondig by Administrateurskennisgewing 509 van 1 Augustus 1962, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in die derde paragraaf van Bylae A die uitdrukking „500 vierkant voet”, waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking „50 vierkante meter” te vervang.

PB. 2-4-2-34-6.

Administrateurskennisgewing 867

30 Junie 1971

KENNISGEWING VAN VERBETERING.

MUNISIPALITEIT KEMPTON PARK: ELEKTRISITEITVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Administrateurskennisgewing 637 van 26 Mei 1971 word hierby soos volg verbeter:—

1. Deur in item 2(1)(j) die woord „en” deur die woord „as” te vervang.
2. Deur in item 2(2)(c) van die Engelse teks die bedrag „7,25c” deur die bedrag „1,25c” te vervang.

PB. 2-4-2-36-16.

Administrator's Notice 868 30 June, 1971

HENDRINA MUNICIPALITY: AMENDMENT TO LAKE, PARK AND GARDENS BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws for the Regulation of the Lake, Park and Gardens vested in or under the Control of the Hendrina Village Council, published under Administrator's Notice 240, dated 21 May 1941, as amended, are hereby further amended by the substitution for section 3A of the following:—

“Charges for the use of the Camping Site.

3A. The following charges, which shall include the costs for water and fuel, shall be payable for the use of the Council's camping site:—

	<i>Per Caravan or Tent</i>	
	R	
(1) Per month	15	
(2) Per fortnight	9	
(3) Per week	5	
(4) Per day	1”	

P.B. 2-4-2-69-60

Administrator's Notice 869 30 June, 1971

CARLETONVILLE MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS FOR THE CONTROL OF INFLAMMABLE LIQUIDS AND SUBSTANCES.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws for the Control of Inflammable Liquids and Substances of the Carletonville Municipality, published under Administrator's Notice 269, dated 13 March 1968, as amended, are hereby further amended by the substitution for item 4 under Schedule II of the following:—

4. Certificate of registration issued in respect of premises other than the above:—

(1) Up to and including 3 kilolitres storage capacity	1,32	2,64
(2) Over 3 kilolitres up to and including 5 kilolitres storage capacity	1,65	3,30
(3) Over 5 kilolitres up to and including 25 kilolitres storage capacity	2,20	4,40
(4) Over 25 kilolitres storage capacity	5,00	10,00

P.B. 2-4-2-49-146

Administrator's Notice 870 30 June, 1971

CORRECTION NOTICE.

SPRINGS MUNICIPALITY: WATER SUPPLY BY-LAWS.

Administrator's Notice 461, dated 14 April 1971, is hereby corrected by the insertion in item 1(2)(b) in the Afrikaans text of the figure “5” after the word “per”.

PB. 2-4-2-104-32.

Administrateurskennisgewing 868 30 Junie 1971

MUNISIPALITEIT HENDRINA: WYSIGING VAN DAM, PARK EN TUINEVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge ter Regulering van die Dam, Park en Tuine wat by die Dorpsraad van Hendrina Berus of Onder sy Beheer is, afgekondig by Administrateurskennisgewing 240 van 21 Mei 1941, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur artikel 3A deur die volgende te vervang:—

„Gelde vir Gebruik van Kampeerterrein.

3A. Die volgende gelde is betaalbaar vir die gebruik van die Raad se kampeerterrein waarby die koste vir water en brandstof ingesluit is:—

	<i>Per Woonwa of tent.</i>	
	R	
(1) Per maand	15	
(2) Per twee weke	9	
(3) Per week	5	
(4) Per dag	1”	

P.B. 2-4-2-69-60

Administrateurskennisgewing 869 30 Junie 1971

MUNISIPALITEIT CARLETONVILLE: WYSIGING VAN VERORDENINGE VIR DIE BEHEER VAN ONTVLAMBARE VLOEISTOWWE EN STOWWE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge vir die Beheer van Ontvlambare Vloeistowwe en Stowwe van die Munisipaliteit Carletonville, afgekondig by Administrateurskennisgewing 269 van 13 Maart 1968, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 4 onder Bylae II deur die volgende te vervang:—

4. Registrasiesertifikaat wat ten opsigte van persele, uitgesonderd die bogenoemde, uitgereik is:—

(1) Tot en met 3 kiloliter opbergruimte	1,32	2,64
(2) Meer as 3 kiloliter tot en met 5 kiloliter opbergruimte	1,65	3,30
(3) Meer as 5 kiloliter tot en met 25 kiloliter opbergruimte	2,20	4,40
(4) Meer as 25 kiloliter opbergruimte	5,00	10,00

P.B. 2-4-2-49-146

Administrateurskennisgewing 870 30 Junie 1971

KENNISGEWING VAN VERBETERING.

MUNISIPALITEIT SPRINGS: WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Administrateurskennisgewing 461 van 14 April 1971 word hierby verbeter deur in item 1(2)(b) die syfer „5” na die woord „per” in te voeg.

PB. 2-4-2-104-32.

Administrator's Notice 871

30 June, 1971

BOKSBURG MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD BY-LAWS REGULATING THE SAFEGUARDING OF SWIMMING POOLS AND EXCAVATIONS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Town Council of Boksburg has in terms of section 96bis (2) of the said Ordinance adopted within amendment the Standard By-laws Regulating the Safeguarding of Swimming Pools and Excavations, published under Administrator's Notice 423, dated 22 April 1970, as by-laws made by the said Council.

PB. 2-4-2-182-8.

Administrator's Notice 872

30 June, 1971

STILFONTEIN HEALTH COMMITTEE: PROPOSED RAISING OF STATUS TO A TOWN COUNCIL.

The Administrator hereby publishes, in terms of section 9(11) of Ordinance 17 of 1939, that he has appointed Mr. J. J. S. van der Spuy as a Commission of Inquiry to enquire into and report upon the desirability to raise the status of the Stilfontein Health Committee to that of a town council and the objections thereto.

PB. 3-6-5-2-115.

GENERAL NOTICES

NOTICE 496 OF 1971.

RANDBURG AMENDMENT SCHEME NO. 61.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (as amended) that application has been made by the owner Messrs. Windsor Sixteen (Hill Street) (Pty.) Limited, P.O. Box 35166, Northcliffe for the amendment of Randburg Town-planning Scheme, 1954, by amending clause 15 Table "D" proviso (xxii)(a) by the deletion of subparagraph (i) which reads as follows:

"That the erven be consolidated and built and developed as a single unit" and by renumbering subparagraphs (ii), (iii) and (iv) as (i), (ii) and (iii) respectively and by the deletion of the words "consolidated erf" and the substitution therefor of the word "erven" in the renumbered sub-paragraph (iii).

The amendment will be known as Randburg Amendment Scheme No. 61. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Randburg and at the office of the Director of Local Government, Room B214, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing, at the above address or P.O. Box 892, Pretoria, and the Town Clerk, Private Bag 1, Randburg

Administrateurskennisgewing 871

30 Junie 1971

MUNISIPALITEIT BOKSBURG: AANNAME VAN STANDAARDVERORDENINGE WAARBY DIE BEVEILIGING VAN SWEMBADDENS EN UITGRAWINGS GEREĞULEER WORD.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Boksburg die Standaardverordeninge Waarby die Beveiliging van Swembaddens en Uitgrawings Gereguleer Word, afgekondig by Administrateurskennisgewing 423 van 22 April 1970, ingevolge artikel 96bis (2) van genoemde Ordonnansie sonder wysiging aange- neem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opge- stel is.

PB. 2-4-2-182-8.

Administrateurskennisgewing 872

30 Junie 1971

STILFONTEIN GESONDHEIDSKOMITEE: VOOR- GESTELDE VERHOOGING VAN STATUS TOT 'N STADSRaad.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 9(11) van Ordonnansie 17 van 1939 dat hy mnr. J. J. S. van der Spuy benoem het tot 'n Kommissie van Onder- soek om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor die wenslikheid om die status van die Stilfontein Gesond- heidskomitee te verhoog tot dié van 'n stadsraad en die besware daarteen.

PB. 3-6-5-2-115.

ALGEMENE KENNISGEWINGS

KENNISGEWING 496 VAN 1971.

RANDBURG-WYSIGINGSKEMA NO. 61.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (soos gewysig), bekend gemaak dat die eienaar mnre. Windsor Sixteen (Hill Street) (Edms.) Beperk, Pos- bus 35166, Northcliffe, aansoek gedoen het om Rand- burg-dorpsaanlegskema, 1954 te wysig deur die wysiging van klousule 15 Tabel „D” voorbehoudsbepaling (xxii)(a) deur die skapping van subparagraaf (i) wat soos volg lees:

„That the erven be consolidated and built and de- veloped as a single unit” en deur die hernoemering van subparagraawe (ii), (iii) en (iv) as (i), (ii) en (iii) respektiewelik en die vervanging daarvan met die woord „erven” in die hernoemde subparagraaf (iii) en deur die skapping van die woorde „consolidated erf”.

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Randburg-wysigingskema No. 61 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B214, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, en in die kantoor van die Stadsklerk van Randburg ter insae.

Enige beswaar of vertoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Posbus 892, Pretoria, en

at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

G. P. NEL,
Director of Local Government.

Pretoria, 23 June, 1971.

23—30

NOTICE 497 OF 1971.

BETHAL AMENDMENT SCHEME NO. 1/13.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, (as amended, that application has been made by the owner Mr. C. Nichas, 12 Kroon Street, Kinross for the amendment of Bethal Town-planning Scheme No. 1, 1952 by rezoning Erf No. 78 situate on Naude Street, Bethal Township from "Special Residential" with a density of "One dwelling per 12 500 sq. ft." to "General Industrial".

The amendment will be known as Bethal Amendment Scheme No. 1/13. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Bethal and at the office of the Director of Local Government, Room B214, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing, at the above address or P.O. Box 892, Pretoria, and the Town Clerk, P.O. Box 3, Bethal at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

G. P. NEL,
Director of Local Government.

Pretoria, 23 June, 1971.

23—30

NOTICE 498 OF 1971.

JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME
NO. 1/372.

It is hereby notified in terms of section 31(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the City Council of Johannesburg has applied for Johannesburg Town-planning Scheme No. 1, 1946 to be amended by amending Clause 14 by the insertion of the words "Professional Suites or Consulting Rooms" after the word "Office" where it appears in the definition "Business Premises".

This amendment will be known as Johannesburg Amendment Scheme No. 1/372. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Johannesburg and at the office of the Director of Local Government, Room B214, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Any owner or occupier of immovable property situate within the area to which the scheme applies or within one mile of the boundary of any such scheme and any local authority whose area of jurisdiction is contiguous to such area, shall have the right to object to the scheme and may notify the Director of Local Government, in writing, at the above address or P.O. Box 892, Pretoria, of such objection and of the reasons therefor at any time within 4 weeks from the date of this notice.

G. P. NEL,
Director of Local Government.

Pretoria, 23 June, 1971.

23—30

die Stadsclerk, Privaatsak 1, Randburg, skriftelik voorgelê word.

G. P. NEL,
Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria, 23 Junie 1971.

23—30

KENNISGEWING 497 VAN 1971.

BETHAL-WYSIGINGSKEMA NO. 1/13.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (soos gewysig), bekend gemaak dat die eienaar mnr. C. Nichas, Kroonstraat 12, Kinross aansoek gedoen het om Bethal-dorpsaanlegskema No. 1, 1952, te wysig deur die hersonering van Erf. No. 78 geleë aan Naudestraat dorp Bethal van „Spesiale Woon” met ’n digtheid van „Een woonhuis per 12 500 vk. vt.” tot „Algemene Nywerheid”.

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Bethal-wysigingskema No. 1/13 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B214, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, en in die kantoor van die Stadsclerk van Bethal ter insae.

Enige beswaar of verhoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne ’n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Posbus 892, Pretoria, en die Stadsclerk, Posbus 3, Bethal, skriftelik voorgelê word.

G. P. NEL,
Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria, 23 Junie 1971.

23—30

KENNISGEWING 498 VAN 1971.

JOHANNESBURG-WYSIGINGSKEMA NO. 1/372.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 31(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Stadsraad van Johannesburg aansoek gedoen het om Johannesburg-dorpsaanlegskema No. 1, 1946, te wysig deur die wysiging van klousule 14 deur die invoeging van die woorde „beroepskamers en spreekkamers” na die woord „kantoor” waar dit in die woordomskriving „besigheidperseel” voorkom.

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Johannesburg-wysigingskema No. 1/372 genoem sal word) lê in die kantoor van die Stadsclerk van Johannesburg en in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B214, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, ter insae.

Enige eienaar of besitter van onroerende eiendom wat geleë is binne die gebied ten opsigte waarvan die skema van toepassing is, of binne een myl van die grens van enige sodanige skema en enige plaaslike bestuur wie se regsgebied aangrensend is aan sodanige gebied, het die reg om beswaar teen die skema aan te teken en kan te eniger tyd binne 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Posbus 892, Pretoria, skriftelik in kennis stel van so ’n beswaar en die redes daarvoor.

G. P. NEL,
Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria, 23 Junie 1971.

23—30

NOTICE 499 OF 1971.

PRETORIA AMENDMENT SCHEME NO. 1/270.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, (as amended) that application has been made by the owner Mr. G. H. Seimons, 17 Perseus Avenue, Waterkloof Ridge, Pretoria for the amendment of Pretoria Town-planning Scheme No. 1, 1944 by rezoning of Remaining Portion of Consolidated Erf No. 1545 situate on 24th Avenue, Villieria Township from "Special Residential" with a density of "One dwelling per 10 000 sq. ft." to "Special" for single storey flats and/or Duplex flats or dwelling house.

The amendment will be known as Pretoria Amendment Scheme No. 1/270. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Pretoria and at the office of the Director of Local Government, Room B214, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing, at the above address or P.O. Box 892, Pretoria, and the Town Clerk, P.O. Box 440, Pretoria at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

G. P. NEL,
Director of Local Government.

Pretoria, 23 June, 1971.

23—30

NOTICE 500 OF 1971.

JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME
NO. 2/54.

It is hereby notified in terms of section 31(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the City Council of Johannesburg has applied for Johannesburg Town-planning Scheme No. 2, 1947, to be amended by amending Clause 14 by the insertion of the words "Professional Suites or Consulting Rooms" after the word "Office" where it appears in the definition "Business Premises".

This amendment will be known as Johannesburg Amendment Scheme No. 2/54. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Johannesburg and at the office of the Director of Local Government, Room B214, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Any owner or occupier of immovable property situate within the area to which the scheme applies or within one mile of the boundary of any such scheme and any local authority whose area of jurisdiction is contiguous to such area, shall have the right to object to the scheme and may notify the Director of Local Government, in writing, at the above address or P.O. Box 892, Pretoria, of such objection and of the reasons therefor at any time within 4 weeks from the date of this notice.

G. P. NEL,
Director of Local Government.

Pretoria, 23 June, 1971.

23—30

KENNISGEWING 499 VAN 1971.

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA NO. 1/270.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (soos gewysig) bekend gemaak dat die eienaar mnr. G. H. Seimons, Perseuslaan 17, Waterkloof Ridge, Pretoria aansoek gedoen het om Pretoria-dorpsaanlegkema No. 1, 1944, te wysig deur die hersonering van Resterende Gedeelte van Gekonsolideerde Erf No. 1545 geleë aan 24ste Laan, dorp Villieria van „Spesiale Woon" met 'n digtheid van „Een woonhuis per 10 000 vk. vt." tot „Spesiaal" vir enkelverdiepingwoonstelle, en/of Duplexwoonstelle of woonhuis.

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Pretoria-wysigingskema No. 1/270 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B214, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, en in die kantoor van die Stadsklerk van Pretoria ter insae.

Enige beswaar of verhoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Posbus 892, Pretoria, en die Stadsklerk, Posbus 440, Pretoria, skriftelik voorgelê word.

G. P. NEL,
Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria, 23 Junie 1971.

23—30

KENNISGEWING 500 VAN 1971.

JOHANNESBURG-WYSIGINGSKEMA NO. 2/54.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 31(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Stadsraad van Johannesburg aansoek gedoen het om Johannesburg-dorpsaanlegkema No. 2, 1947, te wysig deur die wysiging van Klousule 14 deur die invoeging van die woorde „beroepskamers en spreekkamers" na die woord „kantoor" waar dit in die woordoms krywing voorkom.

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Johannesburg-wysigingskema No. 2/54 genoem sal word) lê in die kantoor van die Stadsklerk van Johannesburg en in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B214, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, ter insae.

Enige eienaar of besitter van onroerende eiendom wat geleë is binne die gebied ten opsigte waarvan die skema van toepassing is, binne een myl van die grens van enige sodanige skema en enige plaaslike bestuur wie se regsgebied aangrensend is aan sodanige gebied, het die reg om beswaar teen die skema aan te teken en kan te eniger tyd binne 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Posbus 892, Pretoria, skriftelik in kennis stel van so 'n beswaar en die redes daarvoor.

G. P. NEL,
Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria, 23 Junie 1971.

23—30

NOTICE 501 OF 1971.

GERMISTON AMENDMENT SCHEME NO. 1/79.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, (as amended) that application has been made by the owner Messrs. Marchelle Properties (Pty.) Limited, 258 Victoria Street, Germiston, for the amendment of Germiston Town-planning Scheme No. 1, 1945, by rezoning Erven Nos. 134 and 135 situate on Tide Street, Germiston Extension No. 3 Township from "General Residential" to "Special" to permit the erection of industrial buildings.

The amendment will be known as Germiston Amendment Scheme No. 1/79. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Germiston, and at the office of the Director of Local Government, Room B214, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing, at the above address or P.O. Box 892, Pretoria, and the Town Clerk, P.O. Box 145, Germiston at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

G. P. NEL,
Director of Local Government.

Pretoria, 23 June, 1971.

23—30

NOTICE 502 OF 1971.

GERMISTON AMENDMENT SCHEME NO. 3/36.

